



MERINO SA

Fokus | 2024 | Focus

*Die Amptelike Joernaal ~
The Official Journal*



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Kontak ons Verkoops- en Tegniese Span



Hegte vennootskappe met kundiges op die gebied van herkouervoere en -aanvullings!


Pasmaak veevoedingsoplossings wat aan jou onderneming se unieke behoeftes voldoen.



60 JAAR

Meer as 60 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

Vir verdere inligting kontak jou naaste Voermol verkoopsverteenwoordiger.

 Voermol Feeds SA | www.voermol.co.za



Voermol

Wat die natuur kort-
sal Voermol voorsien

ADVERTISEMENTS - ADVERTENSIES

PAGE	COMPANY
Back Cover	BKB
73	BKB
31	BKB Merino Classic Borge
43	DeHeus
7	Feedtek
12	Genco
7	Hexagon
47	KomTAG
61	Livetrack SA
67	Meadow
Inside Back	Molatek
89	OCTAFIN
63	OVK
29	Plaasmedia
25	SA Stamboek
Inside Front	Voermol
3	Walker Digital
68	WTBSA

PAGE	STUD
69	Baviaanskrans
37	Buffelspoort
5	Charmac
15	Fairworld
23	Geelbek Elite
53	Goedeverwachting
19	Groep3
51	Hartebeesfontein
17	Heuningkrans
55	Hoogstede
13	Kinko
75	Komarsekraal Merinos
39	Korenhof
47	Koringland
9	Kranskop VPM
19	Link
97	Mega Merinos
99	Montevideo
51	Mooihoek
21	Neuman
57	NuPoll
107	Oorlogspoort
41	Patryskraal
35	Pdrino
103	Pine Grove
33	Preiss & Kock
45	Retief Geelbek
105	Saambou
101	Smaldeel
75	Staatmaker
91	Stormberg
11	Swartland Merino's
49	Torenskop
27	Trumps
105	Verfheuwel
93	Wellwood
5	Zeiss

INDEX - INHOUDSOPGAWE

PAGE	Official
1	Index & Advertisers
2	Official info
4	President's message; Council & TC
Merino Voice	
14	Hoe sien ek my gat - Isak Staats
76	Wellwood Merino: Deep rooted
81	Campaign for WOOL
82	Boosting communal sheep production
84	Schapen, the Merino sheepskin collection
87	Karoo Winter Wool Festival celebrate wool
88	Octafin, comprehensive financial services
90	Genade is soos die wind - Koos du Pisanie
BKB Merino Classic 2024	
28	Skitterende BKB Merino Classic in Bloem
30	Erkenning aan borge
32	Spesiale Klasse
36	Klasse 1-18
50	Klasse 19-42
58	Maksi Klasse 43-46
59	Beampes, Inweeg & Skare, Dinee
Merino Management	
42	Voerkraal - waardevolle insigte!
46	Tegnologie boer se passie - Hugo Lochner
60	Die data praat hard! DSS - Hannelet Jordaan
62	Herlewings Landbou - Francois Seymore
65	Slyt ooie hou bank bestuurder gelukkig
66	Heat stress in small ruminants
70	Tradisie en kragtige innovasie - Carin Venter
72	What does a commercial farmer want?
Merino Bulletin	
22	Overberg Jongooi Klub, Richmond Skou
78	Werk in Amerika, Hanover Rocks Festival
79	Lesotho Royal Skou, Noupooi Jongooi Klub
80	Young Guns Jongooi Klub, Philipstown Jongooi Klub
Merino Auctions	
94	Pronkstuk van Merino SA - Carin Venter
95	Merino veilings uitslae 2024
96	Merino Auctions 2024
Merino Plan	
24	Die Merino EKW - Rep Indeks - Dr Mostert
109	Investing in Genomics
111	Genetic relatedness of Merino
112	Die MERINOPLAN van Merino SA
113	Merino Prulfoute
114	SA Stamboek Elite Streekstoekennings 2024
115	BLUP Silwer en Meriete vereistes
116	Toekenning Silwer Meriete
117	Toekenning Goue Meriete en vereistes
118	OVK National Blup Sire Rating
120	BKB Merino Venture Sire Rating
Merino Contacts	
122	Young Ewe Clubs, etc
123	Registered Merino Breeders
131	Accredited Merino Advisers
134 Devotion	
Foldout	Year planner 2024

MERINO SA

F o c u s • 2 0 2 4 • F o k u s

The official Journal ~ Mouthpiece of Merino SA
Die amptelike Joernaal ~ Mondstuk van Merino SA

Merino SA serves as the mutual forum for registered and commercial Merino breeders and acts as the planner and mouthpiece of all Merino affairs in South Africa.

MERINO

THE BENCHMARK BREED!

DIE VOORUITSTREWENDE RAS!

Merino SA

President	Grant Naudé
Vice-president	Diederik van Pletzen
Manager	Willie van Heerden
Admin	Melanie Erlank

Office hours:

Monday to Thursday 7:30 – 13:00 and 14:00 – 16:30

Friday 7:30 – 13:00 and 13:30 – 16:00

33 Somerset Street, Graaff-Reinet, 6280, RSA


Tel: +27 (0)49 8924148/9, merinosa@eastcape.net,

www.merinosa.co.za.

Cover / Voorblad

Mufasa!

Design: Melissa Valentine

**Graphic design / Grafiese uitleg**

WalkerDigital,

32 College Drive, Mill Park, Port Elizabeth

Tel: 041 581 4531

hello@walkerdigital.co.za, www.walkerdigital.co.za

facebook.com/WalkerDigital

Printing / Drukwerk

CADAR printers

P O Box 2881, 21 de Villiers Street, North End, Gqeberha, 6056.

Tel: 041 484 2251

Editor / Redakteur

WJ van Heerden 082 571 2742, merinoram@eastcape.net

Articles & Adverts / Artikels & Advertensies

Merino SA would like to thank everybody who contributed to the content of this magazine, especially advertisers who enable us to produce this journal.

Special mention: Lynette Louw - PLAAS MEDIA, Veeplaas

Print / Oplaag

134 pages

1 500 printed & digital downloads: www.merinosa.co.za

MERINO SA HONORARY MEMBERS / ERELEDE

Mr Garth Cloete	Graaff-Reinet
Prof Piet de Wet	Stellenbosch
Mr Peter Kingwill	Graaff-Reinet
Mr Jacobus le Roux	Port Elizabeth
Dr Buks Olivier	Stellenbosch
Mrs Martha Radue	Graaff-Reinet
Mr Robin Slater	Sedgefield
Mr Julian Southey	Middelburg
Mr John Stretton	Molteno
Dr Ronnie van der Merwe	Fraserburg
Dr Jan van der Westhuysen	Port Elizabeth
Mr Pikkie van den Heever	Richmond
Mr Piet Vivier	Port Elizabeth
Mr Danie Vorster	Graaff-Reinet
Mr Gert Smit	Vrede
Mr DS Vorster	Graaff-Reinet
Mr Adrian McNaughton	Graaff-Reinet
Mr Robert Rubidge	Graaff-Reinet
Mr Andries Pienaar	Hanover

MERINO SA PRESIDENTS

Col W L Kingwill	1937-1939
Lt. Col. L du Plessis	1939-1946
G B Minnaar	1946-1957
T B Jordaan	1957-1966
J S Minnaar	1966-1969
O J M van den Heever	1969-1981
J F J Pienaar	1981-1984
P A Jordaan	1984-1988
C Paul	1988-1995
D C Uys	1995-2000
J H Stretton	2000-2005
J H T Delpoort	2005-2010
J O H Southey	2010-2015
G J Smit	2015-2020
A G McNaughton	2020-2024
G C Naudé	2024-


MERINO SA MANAGERS / BESTUURDERS

N de la Harpe	1937 - 1945
R Wagner	1945 - 1951
L H de Geus	1951 - 1973
T J C Eksteen	1973 - 1994
J G du Toit	1994 - 1998
J A le Roux	1998 - 2004
D S Vorster	2004 - 2022
W J van Heerden	2022 -

**INDEMNITY / VRYWARING**

Opinions expressed in this publication are not necessarily those of Merino SA, who accepts no responsibility for statements made by advertisers. Material, articles, advertisements and photos for publication in Merino SA Focus are subject to approval and editing by the editorial committee without notification. Material published in Merino SA Focus may be reproduced with recognition of the author of an article.

Every effort is made to ensure correctness of content. Merino SA, the editor or anybody involved in producing the journal, cannot be held responsible for inaccuracies or losses.



Scanning/Digitising Artworks • Limited Edition Fine Art Prints
Certificate of Authenticity • Image editing, retouching & restoration
Cotton Rag, Canvas & Photographic prints • Jumbo photo prints
Posters • Banners • Vinyl Decals • Letter-cut Wall Art



Artworks by: Mike Ginn, Shelley Graham, Unathi Dyani, Graeme Arnott, Tori Stowe, Jolene Olivier, Nicolle Moore, Nic Wentworth, Tess Lovemore commission for Classic Framers and Blockmounting.

PRESIDENT'S MESSAGE 2024

"The reality is the difference between success and failure in times like these will largely come down to attitude, of which nobody else except the individual has control of."

As I sit here penning this message, I am flooded with ideas and thoughts. What can I possibly say to my fellow farmers or breeders that can make a difference to our current situation? My conclusion has to be, not much.

The reality is the difference between success and failure in times like these will largely come down to attitude, of which nobody else except the individual has control.

Nietemin, het ek 'n paar ideas of gedagtes wat ek graag met julle deel.

Ons sit huidiglik in 'n situasie waar alles in ons gemeenskappe lyk of dit in duie wil stort. Ons plattelandse dorpe sukkel om aan die lewe te bly, Kerke, klubs, boereverenings, sit almal met dieselfde probleem. Hoe kry ons, ons lede om eiernaarskap te neem? Dit blyk om oral dieselfde probleem te wees.

We are living in a society of instant gratification. If I put my DSTV on and I don't like the channel, I flip to the next. That seems to have become the attitude of all of us. The reality of course, is that we the individuals, if we believe these structures to have importance, will have to take ownership of them and secure their survival. The question I keep asking myself is what role must an organisation like MSA play in our industry? Is it a regulatory body put in place to police a few breeders who have a production sale or are we here to serve the whole industry? Bearing in mind that the backbone of any such livestock industry is its commercial farmer without who the stud breeders have no right to exist. I think the time has come for everybody in the Merino industry to take ownership of MSA because if we give our industry another 50 years at this trajectory there will be nothing left for future generations.

Die belangrikheid van gemeenskap moet nooit onderskat word nie. Gebruik organisasies soos jongooi klubs, studie groepe en geleenthede soos skoue en boere dae om deel te wees van hierdie gemeenskap van Merino boere of veeboere. Die groot waarde lê glad nie in wie wen of verloor nie, dit lê by informasie wat geruil word. Byvoorbeeld, 'n groot mite wat algemeen in die bedryf aanvaar word, is dat dit nie betaal om 'n Merino stoorlam te voer nie, maar 'n Merino lam wat voorberei is vir 'n voerkraal betaal net so goed indien nie better as enige ander ras en dit is ook so dat enige ander ras wat sonder voorbereiding (kruipvoeding) by 'n voerkraal opdaag ook net soos 'n onvoorbereide Merino swak presteer. Dis belangrik om te onthou dat voerkrale se wins nie alleenlik deur voer omset bepaal word nie. Dieselfde kraal skeer 1.5 tot 2kg lammer wol van 'n Merino af.

Die gevaar van kompetisie binne hierdie geleenthede hou natuurlik ook risiko in, geskeidenis het egter vir ons geleer presies wat daai risiko is. Die gevoel van gemeenskap en die informasie wat geruil word op sukke geleenthede oorskrei na my mening daai risiko vër. Natuurlik is dit belangrik dat die kompetisie daar is, maar dit behoort nie die hoof fokus te wees nie.



I think it's important for us as a society to make a few subtle changes. In so doing we can become relevant to more than just the few stud breeders in our industry. If we as a society can be of value to our commercial / stock farmers, that value will in turn have a direct impact on the stud industry. As a relative new comer to this "game", I do at times find it disturbing that we seem to think that by breaking down the next person's product we are actually improving our own. Where the reality of course is in a relatively small industry such as ours we should indeed be propagating the breed as a whole. Remembering of course that never in the history of mankind has it been possible for it to go well with my neighbour within an industry without that positively affecting me.

Naspeurbaarheid het in ons geledere 'n vloekwoord geword maar ons sal moet aanvaar dat die wêreld waarin ons besigheid

doen aansienlik verander het en ons sal daarby moet aanpas of bloot eenvoudig net agter bly. Ons produkte kompeteer nou teen buitelandse boere wie se produkte 100% naspeurbaar is. Huidiglik sit ons met 'n vleisprys wat geweldig onder druk is en meeste mense met wie ons praat propageer die uitvoer van vleis, sonder naspeurbaarheid glo ek dat die uitvoer mark nie vir lank aan ons toeganklik sal wees nie. Daar is al klaar DSS en RFID beskikbaar om ons behulpsaam te wees. In ons wol het ons natuurlik RWS. Net so dink ek dis belangrik vir boere om al die hulpmiddels tot hulle beskikking te gebruik, goed soos BLUP, DSS, Genomics, ens. Rekordhouding kan net tot elke individu se voordeel wees.

Aan ons vele Merino adviseurs en veldbeamptes my opregte dank vir die werk wat julle vir ons as bedryf verrig. Net so ook aan al ons borge 'n groot DANKIE. Sonder julle so dit vir ons baie moeilik wees om voort te gaan.

To Willie van Heerden and Melanie Erlank who run our office a big Thank You! It's always pleasant arriving at the office and our interaction is always a pleasure. To the rest of the MSA Council I sincerely hope that your trust in me has not been misplaced, and look forward to what I am sure are going to be exciting and challenging times in the next couple of years.

En dan laastens maar definitief nie minste nie aan my mede MSA Lede en Merino kuddeboere die land oor, ek hoop my benadering hierbo maak vir julle bietjie sin. Ek will hierdie geleentheid ook dan gebruik om vir die van julle wat met my al kontak gemaak het, te bedank vir julle insette. Vir die wat voel hulle wil dalk nog met my skakel, ek sal dit verwelkom. Vir geen oomblik dink of glo ek dat ons as Raad al die antwoorde het nie, en op hierdie stadium het ons nog net 'n idee, die plan is nog nie in werking nie en ons sal enige bydrae of insette en natuurlik ondersteuning verwelkom.

To you and your families a Blessed Festive season and a very prosperous 2025!

Grant Naudé

26 FEBRUARIE 2025

CHARMAC MERINOS

50 HORING & POENSKOP RAMME

HOUDCONSTANT
GRAAFF-REINET
11:30

www.charmacstud.com

Fourie Vosloo 082 854 97 30 & Adriaan Botha 082 497 82 34



est. 1930
ZEISS MERINO
04 FEB 2025 @ 11:30
KARREBOSCH, CRADOCK
80 MERINO VELDTRAMS
IN NEED OF EWES, PLEASE CONTACT US

 Zeiss Studs  zeiss_studs

Work with what nature provides



JAPS JORDAAN 073 489 4630 • JONKER VENTER 072 641 5642
EBEN VAN WYK 079 504 9715

MERINO SA COUNCIL 2023-24

South Africa is divided into 9 wards
(Town and ward in brackets)

President: Grant Naudé (Hanover, 7), **Vice-President:** Diederik van Pletzen (Jamestown, 4), **Members:** Kosie de Villiers (Vrede, 1 & 2), Theron Swanepoel (Smithfield, 3), Tinus du Plessis (Middelburg OK, 5), Jaco Potgieter (Graaff-Reinet, 6), Andre Hugo (Calvinia, 8) and Adriaan Geldenhuys (Heidelberg, 9), Andrew Jordaan (Cradock, Technical Committee Chairman), dr. Japie van der Westhuizen (Bloemfontein, SA Studbook), Pierre Vlok (Napier, BKB), John Melville (Bloemfontein, OVK) and Willie van Heerden (Graaff-Reinet, Manager).

The main objectives (according to constitution) of the Merino SA Council are – to encourage the breeding and genetic improvement of production potential of animals in SA; to preserve unimpaired the purity of the SA Merino breed as Landrace in SA and to promote interest in the breed by all possible and available means; to encourage the collection, preservation and development of the breed through sound selection in accordance with the accepted description of a Merino, and to prevent infusion with other breeds; to set up breeding standards based on visual inspection and production traits for genetic defects and conformation, and to maintain it to the extent that it is related to functional efficiency; to compile accurate reports of the pedigrees and details of all animals registered by the Society at the RA in the Studbook, and to preserve and maintain said reports; to encourage production recording and the use thereof in breeding improvement in flocks; to promote and encourage the exhibition and competition of the breed at agricultural shows; to promote the selling of animals and the breed in general.



Willie van Heerden and his wife Elize and their daughter Melissa Valentine.

Merino SA Bestuurder: Wanneer dit swaar gaan in 'n bedryf, soos nou met die kleinvee bedryf, dan raak klein probleme sommer gou groot probleme. Almal vind fout en is onder druk! Wanneer dit goed gaan leef ons gemaklik by die probleme verby. Huidiglik is nie 'n tyd om drastiese veranderinge te maak as dit enigesins moontlik is nie. Ek het 'n brief raak gelees in 'n LBW van 1963 waar die skrywer noem dat dit nie moontlik is om nog te boer nie. Alles is af in prys: Wol, vleis, graan ens. Diesel se prys is op, so ook doseer middels, arbeid ens. Vanaf 1963 tot en met nou het dit darem nie net sleg gegaan nie en was ons 'n paar maal bo ook gewees. Ons neig om dit gou te vergeet. Moenie nou jou top genetika, opgebou oor jare, van ontslae raak nie. Wanneer jy weer begin, begin jy met iemand anders se ondergemiddelde diere. Dit sal weer goed gaan.

'n Deel van my werk het my net weer laat besef hoe belangrik



Die Merino Raad met die 3 nuut verkose lede by

Vlnr agter: Tinus du Plessis, Pierre Vlok, Grant Naudé, Andre Hugo, Adriaan Geldenhuys en Willie van Heerden.

Voor vlnr: Dr Japie van der Westhuizen, Diederik van Pletzen, Theron Swanepoel, Andrew Jordaan, Kosie de Villiers, Jaco Potgieter en John Melville.



SPECIALIST ANIMAL FEED CONCENTRATES

GROW WITH FEEDTEK!

Easily home-mix high quality cost effective feeds and lick supplements with Feedtek specialist concentrates for optimal growth, feed conversion efficiency and health!



☎ 086 111 5362

@ info@feedtek.co.za

🌐 www.feedtek.co.za

f Feedtek Animal Feed Solutions

📺 feedtek_animal_feed_solutions

Your nearest agent



LAMHOKKE



LAMHOKKE MET DAKKE



SKAAPBAALRINGE




KRUIPHEKKE



VOERBAKKE



SKEERHOKVLOERE



LAAIBANKE



Vervaardigers van Veehanterings-toerusting

ONS LEWER LANDSWYD AF!



'n Besigheid vir die Boer

☎ 058 913 1042 ☎ 072 639 0451 ✉ admin@hexagonind.co.za f Hexagon Industries

KLEINVEE DRUKGANG



WEEGKRAT



SORTEERKRAT



BESBAALRINGE



KALFHOKKE



GROENTE TONNELS



SKAAPTUNNEL/AFDAKTUNNEL



verhoudinge en vennootskappe in ons bedryf is. Elkeen neig so om sy eie beuel te blaas, sy eie miershoop te verdedig, eie belang na te streef. Ons kan soveel meer vermag as daar samewerking tussen die verskillende partye en persone is. Elke persoon moet aan boord die skip wees en 'n positiewe bydrae lewer! Dan sal ons die storm oorkom. Moenie op die wal staan en fout vind nie, word deel van die oplossing!

Splinternuwe Raadslede



Die nuwe raadslede word verwelkom: Adriaan Geldenhuys, Tinus du Plessis, Willie van Heerden (Bestuurder) en Jaco Potgieter.

STREEK 5: Tinus du Plessis

Ek is Tinus du Plessis, boer op Buffelspoort in die Middelburg distrik in die Ooskaap. Beide my oupas het met wolskaap geboer en dit is by hulle wat ek my liefde en passie vir wolskaap geleer het. Biel de Klerk van Hamelfontein in Colesberg se stoet (1510) sedert 1957 en Jan du Plessis van Macasserfontein se stoet (923) in Colesberg sedert 1927. Ek is bevoorreg dat my 2 seuns Triegaardt en Petrus ook deel van ons boerdery is.

Hoewel ons deur baie fases is met die tipe Merino oor die jare het ons nou 'n volwaardige dubbeldoel Merino wat goeie kwaliteit wol, vleis en lammers lewer. Hierdie prestasie word byna oor die hele Suid-Afrika behaal wat net 'n bewys is van hoe aanpasbaar en uniek die hedendaagse Merino is.

Dit bly 'n voorreg om te boer en te bou aan fondasies wat deur ons voorgeslagte gelê is. Dit is ook 'n spanpoging en daarom moet ons mekaar ondersteun en laat lei deur die ware Herder. Ons is in uitdagende tye. Mag ons leiding kry van Bo om vas te staan en die regte besluite te neem. Daar is altyd hoop ten spyte van die uitdagings, ons moet bly volhard, die uitkoms sal kom.



Dit is 'n voorreg om deel te wees van die span by Merino SA en ek glo die Raad gaan die Merino Ras na nuwe hoogtes neem met hulle positiewe ingesteldheid en visie.

STREEK 6: Jaco Potgieter



Ek is getroud met Minnette en ons het 2 seuntjies, Ruben en Wihan. Ek boer saam met my pa, Theo Potgieter, in die Graaff-Reinet / Murraysburg omgewing. Ons boer hoofsaaklik met Merino's. Ek het in 2010 by my pa aangesluit op die plaas na ek my BSc Agric graad voltooi het op Kovsies. Ek het 'n groot passie vir die Merino ras. Ek het einde 2015 begin met 'n poenskop stoet waarop ek baie trots is. Ek het ook later deel geword van Groep3 Merino's.

My boodskap aan die boere is, Ons moet op ons knieë bly. Bly positief, want daar is Iemand grootter in beheer en Hy sal voorsien.

STREEK 9: Adriaan Geldenhuys



Ek wens ek was oor alles in die lewe so opgewonde soos ek oor 'n Merino is...Ek en my vrou Helene en twee seuntjies Jacobus (3) en De Villiers (1) boer in Riversdal in die Suid-Kaap saam met my pa en jonger broer op die plaas Uitkyk. Ons gemengde boerdery bestaan uit 'n saai en vee vertakking.

My twee gunsteling plekke is in die lamhok en dan die skeerhok. Dis daar waar jy die nuwe lewe ontvang en dan waar jy beloon word en die vrugte pluk en dit sien wat jou opgewonde maak!

Dit is vir my 'n groot voorreg om streek 9 te verteenwoordig, 'n streek met 'n groot passie en ryk geskiedenis vir die Merino ras. En waar hy sterk uitstaan bo almal!

Byt vas die Merino het jou deur goed en sleg, op en af nog elke keer gedra! En net beter en sterker anderkant uitgekom.



KRANSKOP

Merino

VURIG OOR TELING!

4 FEBRUARIE 2025

12H00 | Plaas Vaalbank, Jamestown

GPS Koördinate: 31°08'48" S 26°53'57" E

AANBOD: 30 MERINO RAMME



NAVRAE:

DIEDERIK V PLETZEN (TELER) 084 800 8122
JANCO V PLETZEN 082 701 1555
DJ V PLETZEN 082 650 0872

JAN VAN DER WALT (BKB) 082 376 6178
ANDRE GREYVENSTEIN (BKB) 082 310 8701
AFSLAER: JP MARAIS (BKB) 060 551 6537



MERINO SA TECHNICAL COMMITTEE 2024-25

Breeder members: Andrew Jordaan (Chairman), Ras van Pletzen (Vice Chairman), Dirkie Uys and Geoff Kingwill.

Co-opted: Grant Naudé (President), Le Roux Fourie (Breeder), Theroux Kemp (Breeder), Arno van Graan (ARC), Cor Uys (OVK), Corné Nel (BKB), Herman Labuschagne (SA Studbook), Jason Reding (SA Studbook), Willie van Heerden (Manager) and Drs. Willem Olivier (GADI), Japie vd Westhuizen (SA Studbook) and Bernice Mostert (SA Studbook).

The main objective (according to constitution) of the Merino SA Technical Committee is: The Technical Committee, which reports to Council in an advisory capacity shall consist of four members of the Society and council, can co-opt members to utilize their expertise. The Technical Committee shall mostly concern itself with matters of a technical and scientific nature, especially regarding production recording and evaluation.

The Joint Council and Technical Committee Meeting 2024

It must be a record! The Merino SA Boardroom was filled to capacity for this traditional August joint meeting! For the first time in a very long time 20 members attended the meeting.



Agter: Uysie Willemsse, Dr Willem Olivier, Dr Japie van der Westhuizen, Arno van Graan, Pierre Vlok, Grant Naudé, Herman Hugo, Diederik van Pletzen, John Melville, Kosie de Villiers en Willie van Heerden.

Voor: Geoff Kingwill, Andre Hugo, Theron Swanepoel, Adriaan Geldenhuys, Adrian McNaughton, Andrew Jordaan, Jaco Potgieter en Jako Meyer.

MORE NEWS!



Outgoing President

Extract from the last President's report at AGM 2024 by Adrian McNaughton: "Lastly I thank you all for the honor of being a part of this organization for the last 12 years. It has been an awesome learning journey. I have attended a few meetings, met many people in new places, seen the country and viewed thousands of animals. I came in as the youngest councilor and leave as a gryskop. I'm eternally grateful." Merino SA is dankbaar teenoor Adrian en wens hom en Elsanne 'n geseende tyd in hulle boerdery toe!

1: Diederik van Pletzen oorhandig Ere-Lidmaatskap aan Adrian McNaughton. Elsanne het die reëlings vir die dinee behartig.

Outgoing Council Members

2: Daar is geskenke oorhandig deur uittredende Merino SA President, Adrian McNaughton aan Jako Meyer en Uysie Willemsse, beide Raadslede het hul volle moontlike termyn van 9 jaar gedien. Merino SA is dankbaar vir hulle bydrae.

Merino SA Honorary Members

3: Honorary Membership was awarded to Adries Pienaar, Trumps Merino Stud, and Robert Rubidge, Wellwood Merino Stud, for their lifetime dedication to the Merino Industry. Merino SA appreciate your efforts and you both are excellent ambassadors for the Merino.





SWARTLAND MERINOS



EBEN SCHELLINK

060 5050 991 | ebenschellink@yahoo.com

GeneCo^o Repro

Advanced Breeding | Gevorderde Teling



Looking for something special to add to your flock, but not necessarily want to buy a ram?

At last:

GeneCo “SuperSireStore” OUR ONLINE RAM SEMEN STORE

Now you can easily browse and select frozen semen straws from the Top Sires in South Africa. Easily compare statistics and prices, and just select the Ram and Amount of Straws/Doses you would like to purchase, we do the rest!

Please visit www.geneco.co.za for more info.

To advertise your top sires **FOR FREE** please contact us.
office@geneco.co.za or (0027) 83 308 5277



PRIMA VEILING

7 Augustus 2025

SWELLENDAM



www.kinko.co.za

ADAM VAN AS 082 422 2874
JOHAN VAN AS 082 770 2828
DIRKIE VAN AS 082 556 9585



HOE OM JOU GAT TE SIEN!

Hoe kom praat ons oor die onderwerp? Daar is geen sin daarin om te probeer praat oor sukses nie. Sukses is nie vaste ding nie. Niemand is totaal suksesvol nie, daar bestaan ook nie so eindbestemming nie. Sukses is 'n bewegende teiken wat van situasie en mens tot mens verskil. Ek is nou al meer as 30 jaar getroud. Beteken dit dat ek 'n suksesvolle huwelik het? Dit kan ook net doodeenvoudig beteken dat ek te bang of te lui is om te skei. Ons kan nie eers sê dat ek 'n gelukkige huwelik het nie, want ons het goeie tye en slegte tye. Hopelik gaan ek aan die einde van my lewe kan rapporteer, by die groot Regter dat ek my vrou meer kere gelukkig gemaak het as nie.

Daar bestaan ook nie so ding soos 'n sukses resepte nie, mense sien die lewe op hulle eie unieke manier en dit wat vir jou werk gaan nie noodwendig vir my werk nie. Sukses is dus konteks spesifiek.

Mislukking aan die ander kant is 'n redelike konstante ding. As 'n huwelik tot 'n einde kom met 'n egskeiding, is dit 'n mislukking, einde van die storie. Dieselfde met besighede, of verhoudings. Dit is dus redelik maklik om mislukking raak te sien.

Hierdie is 'n gesprek oor wat gaan maak dat jy misluk. Hoe gaan jy "jou gat sien". Dit is vir seker nie die volledige lys nie, maar in my 30 jaar plus ondervinding is hierdie die hoof maniere waarop jy kan misluk.

Perspektief

Ons almal het moeilike dae en tye. Ek vind dat wat ek nodig het om dit te oorleef is perspektief. Perspektief gee jou die vermoë om te dink voor jy reageer. Ons leef in die spasie tussen wanneer dinge gebeur en hoe ons daarop reageer (Victor Frankl). Perspektief gee ons die mag om self te besluit hoe dinge wat met jou gebeur jou gaan beïnvloed. Perspektief is soos 'n hefboom waarmee ons die wêreld kan verander, dit wys ons die waarheid en gee ons beheer.

As jy jou gat wil sien wees arrogant!

Die groot probleem met arrogansie is dat ons dit baie moeilik self kan sien. Die probleem word verder vererger deurdat arrogante mense gewoonlik baie moeilik is om mee te gesels en eerlike terugvoer te gee, sonder om aanstoot te gee.

Omdat ek weet hoe gevaarlik dit is, het ek vir myself "guard rails" of veiligheids bane gebou. Ek hou myself gedurig dop om seker te maak dat ek nie dalk op enige manier arrogant is of selfs lyk asof ek is nie.

- **Ek hou my klein verhoudings dop.** Die mense wat aan my geen saak gaan maak as hulle nie van my hou nie, of sleg van my dink, is die klein verhoudings. Dink aan die kassier by die winkel, die petroljoggie, die boemelaar by die straathoek. Hierdie is die mense waarmee ek myself dophou en meet. Behandel ek hulle met respek en deernis, probeer ek verstaan wat hulle belangrik is vir die mense om hulle? Sien ek hulle regtig raak?



Mnr Isak Staats, skrywer van die artikel en aanbieder van dié gewilde motiverings praatjie. Isak het as spreker opgetree by Merino SA se jaarlikse spog geleentheid / dinee wat saamloop met Nasionale Veiling.

- **Ek kyk nugter na die moeilike mense in my lewe.** Nou iemand wat onredelik moeilik is se wetenskaplike naam is 'n p@@phol. Ons al sal wel later oor hom gesels. Meeste keer is mense moeilik om 'n rede. Soms het daardie rede iets te doen met wat jy gedoen het, as dit so is gebruik ek die geleentheid om te verander, soms het dit niks met my te doen nie, net 'n situasie wat heeltemal buite my beheer is, as dit die geval is probeer ek empatie hê. Soms is dit doodeenvoudig 'n p@@phol. Die feit is ek probeer die waarheid sien vir wat dit is.
- **Ek glo nooit dat ek my suksesse verdien nie.** Sukses gebeur as 'n klomp dinge gelyktydig saamloop om 'n postiewe gevolg te hê. My insette speel hopelik gewoonlik 'n rol, maar sukses of mislukking word in my ondervinding bepaal deur die sameloop van 'n klomp faktore.

As jy jou gat wil sien, vreet in jou kapitaal in

Ons almal weet dat as jy jou boerdery wil doodmaak jy jou oë moet begin verkoop. Jy is dus besig om die fabriek wat jou boerdery aan die gang hou te verklein wat beteken dat jou fabriek nie meer alles kan dra wat hy moet nie.

Dieselfde is waar van verhoudings. Na baie navorsing deur sosiale wetenskaplikes is die gevolgtrekking dat die beste indikator van geluk, gesondheid en algemene welstand, verhoudings is. Mense wat goed leef tussen ander mense is geneig om langer te lewe en gelukkiger te wees, ten spyte van finansiële swaarkry.

Verhoudings het ook kapitaal. Ons kan kapitaal in verhoudings en reputasies insit of onttrek. Ongelukkig neem dit baie meer moeite en werk om te deponeer as om te onttrek. Soos dit ook maar gaan met enige spaar oefening.

Ons almal wil graag die goue eiers hê. Meeste van ons wil graag met ander mense oor die weg kom en gerespekteer word. Dit gaan egter beteken ons gaan die gans moet oppas. Die gevaar is dat een leun of een verkeerde daad ons hele reputasie kan kos. In die storie is die gans een keer maklik doodgemaak. Die gevolg was dat daar nooit weer goue eiers was nie. Gaan maak seker dat die goue eiers wat jy wil hê, regtig so kosbaar is as wat jy dink dit is. Neem 'n oomblik en gaan dink oor wat kosbaar is.

As jy gat wil sien stel die verkeerde mense aan

Dit is voor die handliggend dat die verkeerde mense in besigheid nie kan werk nie. Maar kom ons dink vir 'n oomblik oor almal wat ons aanstel in ons lewe. Jou lewensmaat is 'n keuse! Ons stel mense aan om in ons lewe in te praat. Die moeilike ding is dat as ons nie bewustelik die keuse doen nie, dit in elk geval gebeur. Maak seker dat die mense wat jy aanstel in jou lewe om in jou lewe in te praat, dit doen met jou beste belange op die hart. Ons almal het mense wat ons raad gee in ons lewens en besighede. Sorg dat jy mense aanstel wat die vermoë en ingesteldheid het om jou te help en lief genoeg is vir jou om jou foute te wys.

As jy jou gat wil sien, hou die verkeerde dinge dop


Ons word konstant gebombardeer met inligting van 'n klomp bronne af. Meeste van moderne bronne probeer nuus aan jou af

Fairwoorld

Home of Genetic Fine Wool

DOES YOUR WOOL CHEQUE CONFUSE YOU FINANCIALLY?

VERWAR JOU WOLTJEK JOU FINANSIËEL?




DAAR IS 'N EENVOUDIGE OPLOSSING OP

DONDERDAG, 20 FEBRUARIE 2025

11HOO TE MULBERRY GROVE CRADOCK

**60 FYNWOL STOETRAMME EN 300 OOIE
60 FINE WOOL STUD RAMS AND 300 EWES**



THERE IS AN EASY ANSWER ON

THURSDAY, 20 FEBRUARY 2025

AT 11HOO AT MULBERRY GROVE, CRADOCK

te smeer, sodat jy meer daarna kan kyk. Die waarheid soos wat ons dit sien en beleef is dus baie kere glad nie waar nie. Die probleem is ons kan nie na twee waarhede gelyktydig kyk nie en die waarheid waarna ons kyk gaan die ander een uitsluit. Ons kan net een ding op 'n slag glo van a spesifieke onderwerp! As ons heeltyd / die hele tyd net na die negatiewe dinge in ons land, en die wêreld kyk gaan ons net die slegte dinge sien. Ons gaan optree na gelang van waarna ons kyk. Hoe meer jy kyk, hoe meer sien jy, hoe meer kry jy, hoe meer doen jy ook so. Hierdie is 'n spiraal. Hierdie proses gebeur outomaties, of ons daarvan weet of nie. As ons nie bewustelik na die wêreld gaan kyk nie gebeur die spiraal vanself. Jy kan die keuse doen om met eerlikheid en balans na die wêreld te kyk. Ja, slegte dinge gebeur. Die wêreld is vol probleme, maar ons leef ook in 'n tyd van wonderwerke wat daagliks gebeur! Die goeie ou dae was nie altyd so goed nie. 'n Maklike toets is of jy vandag na die tandarts toe wil gaan of honderd jaar gelede. Jy KAN besluit waarna jy wil kyk.

As jy jou gat wil sien fokus altyd eerste op alles wat verkeerd is.

As jy gat wil sien, gaan deur die lewe sonder passie

Passie bepaal hoe ons deur die lewe sal gaan. Ons kan maar altyd net dryf soos 'n jellie vis en maar hoop dat die lewe se dinge ons in 'n rigting gaan vat. Of ons kan self besluit wat maak my opgewonde. Wat laat my "tick".

Passie en lekker is nie dieselfde nie.

Een van die werke wat ek gedoen het, was om skuld in te vorder vir die maatskappy vir wie ek gewerk het. Dit was 'n besonderse mislike werk, want almal is altyd kwaad vir jou! Van die bestuur af, wat altyd wou weet hoekom die geld nie in nie, die personeel wat elke dag saam met my in die loopgrawe moes wees, deur na die kliënte toe wat nie daarvan gehou het as ons bel en vra vir ons geld nie.

Op 'n dag het ek na 'n moeilike gesprek met 'n kliënt besef dat ek 'n talent het om met moeilike mense in moeilike omstandighede te kan werk, op 'n manier wat almal betrokke laat goed voel het na die tyd. My passie is mense, op enige manier! Dit het nie die werk makliker of lekkerder gemaak nie, maar dit hy op 'n baie diep vlak laat besef dat ek vir 'n doel gemaak is en dat dit 'n voorreg is om daardie doel uit te leef.

Om passie uit te leef is 'n risiko. Dit kom teen 'n prys. Baie dae is dit nie maklik nie. Ek word baie teleurgestel en baie seergemaak, **MAAR** die goeie oomblikke, die wow oomblikke is duisend maal meer as die slegtes. Ek kyk uit vir hierdie oomblikke. Ek glo dat die spesiale oomblikke "liefdes briewe" is. Ek kom van die Transvaal af en deesdae bly ek by die kus. Die Transvaler in my is altyd verbaas en verwonderd as ek 'n mooi skulp optel op die strand. Vir my is hierdie 'n teken dat die Vader lief genoeg is vir my, genoeg omgee om ietsie klein vir my te stuur.

Persoonlik vind ek hierdie briefies in mense. En ja die risiko is daar dat ek kan seerkry. Dit gebeur ook baie. Maar die lekkerte is baie meer as die af en toe slegtes. Oppas dan vir mense wat jou passie kan steel. Mense wat net die slegte sien. In die werk omgewing glo ek dat mense wat bedank het, so vinnig as moontlik die plek moet verlaat. Nie omdat ek kwaad is nie, maar omdat die energie wat nodig is in 'n moderne werkplek dan weg is. Die oomblik wat hy die bedankings brief geskryf het, is sy aandag en energie nie meer by jou nie. Seën die persoon en laat hulle gaan. Jy kan besluit wie jy gaan aanstel in jou lewe om inspraak te gee.

Onthou dat jy gaan doodgaan

Ek wil hê dat jy vir 'n oomblik stil sit en hieroor dink. Jy gaan doodgaan. Alles wat jy nou het en doen gaan in stof verander.

Nog erger, jou man of jou vrou of die mense om jou gaan doodgaan. Iemand het eenkeer in 'n gesprek, nadat 'n ryk man dood is, gevra "wat het hy nagelaat?" en die antwoord is, ALLES! Aan wie behoort jou plaas of jou besigheid, waaroor jy so sterk voel, na jy dood is? Die antwoord is nie aan jou nie. Jy gaan nie eers weet nie!

As jy mooi hieroor dink, gee dit jou konteks om jou besluite vanuit te neem. As ek weet ek gaan môre dood, gaan ek elke geveg tot elke moontlike koste wil wen? Sommige dinge is belangrik om voor te baklei, maar miskien is die rigting van die toilet rol nie so belangrik nie. Dit sit jou besluite oor verhoudings en risiko in perspektief. Ek glo dat die lewe 'n geskenk is, dit is 'n voorreg wat enige tyd van my af weggeneem kan word. Sou ek anders opgetree het as ek vir 'n feit geweet het dat ek môre gaan doodgaan. Gaan ek nie dalk mooier met my mense praat, of my tyd wyser spandeer aan dinge wat belangrik is nie. Ons leef asof ons die reg het daartoe. As ons werklik 'n begrip het van hoe min tyd ons het om die mense saam met wie ons leef, of die plek waarin ons leef, gaan ons dalk eerder begin leef asof dit 'n voorreg is. Alles wat ons het, is net voorregte, nie regte nie. Dit beteken dat ons dit enige tyd kan verloor. 'n Voorreg is iets om voor dankbaar te wees en op te pas en ten alle koste te geniet solank as wat ons dit het.

As jy jou gat wil sien, vermy die waarheid, dit is wat dit is!

Die Stockdale paradoks

Admiraal Stockdale was n veg vlieënier in die Vietnam oorlog, op daardie stadium was hy 'n Majoor. Op 9 September 1965, terwyl hy vanaf die USS Oriskany op 'n missie oor Noord-Vietnam gevlieg het, het Stockdale uit sy Douglas A-4 Skyhawk gespring, wat deur vyandelike vuur getref is en heeltemal onklaar geraak het. Hy het in 'n klein dorpie neergesak, waar hy erg geslaan en as 'n krygsgevangene geneem is. Stockdale is vir die volgende sewe-en-'n-half jaar as 'n krygsgevangene in die Hôa Lò-gevangenis (die berugte "Hanoi Hilton") aangehou. As die senior Vlootoffisier was hy een van die primêre organisateurs van gevangenis weerstand. Hy is gereeld gemartel en is mediese sorg ontsê vir die ernstig beskadigde been wat hy tydens sy gevangeneneming opgedoen het. Stockdale het 'n gedragskode vir alle gevangenes geskep en afgedwing wat marteling, geheime kommunikasie en gedrag beheer het. In die somer van 1969 is hy met been bande in 'n bad hok vasgeketting en gereeld gemartel en geslaan. Toe sy bewakers hom vertel dat hy in die openbaar vertoon sou word, het Stockdale sy kopvel met 'n skerp mes gesny om homself doelbewus te vermink sodat sy bewakers hom nie as propaganda kon gebruik nie. Toe hulle sy kop met 'n hoed bedek het, het hy homself met 'n stoel geslaan totdat sy gesig onherkenbaar opgeswel was. Toe daar by Stockdale inligting ontdek is wat sy vriende se sogenaamde "swart aktiwiteite" kon impliseer, het hy sy polse gesny sodat hulle hom nie kon martel om 'n belydenis af te dwing nie. Gedurende sy gevangenskap is sy been twee keer gebreek as gevolg van marteling.

Die vermoë om jou situasie te erken en optimisme met realisme in balans te bring, kom voort uit 'n begrip van die **Stockdale-paradoks**. Hierdie teenstrydige manier van dink was die krag wat James deur daardie moeilike jare gelei het. Sulke paradoksale denke, of jy dit nou bewustelik weet of nie, is een van die bepalende filosofieë vir groot leiers wat deur moeilikheid beweeg en hul doelwitte bereik.

DIT IS WAT DIT IS!

Toe hulle hom na die tyd vra, of hy maar altyd gehoop het dat hy gaan uitkom, was hy onmiddellik kwaad. Sy antwoord was dat almal wat hulle hoop op wense gegrond het, doodgegaan het.

Ramme wat 'n verskil maak

Heuningkrans – Kwaliteit-keuses vir jou kudde.



HEUNINGKRAMS
MERINO'S

Sedert 1927



Veiling Datums

27 Feb 2025 / 04 Sep 2025

Heuningkrans, Smithfield

Ons wens vir elkeen 'n Geseënde
2025 vol oorwinning en groei.

Vir verdere navrae:

Eduard Prinsloo 071 437 6529 | Johan Fouche 082 829 8510
Jan Joubert 082 573 4980 | Stephen de Swardt 083 382 6616
Bosch Steyn 082 448 6390

Hulle hoop was onredelik. Hy het vinnig daarmee vrede gemaak dat die situasie sleg is en dat daar eintlik geen redelike manier of rede was vir hom om lewendig daaruit te kom nie.

Ek noem hierdie manier van dink: "DIT IS WAT DIT IS". As jy op die punt kom, om 'n situasie te sien vir wat dit is, kan jy begin planne maak. Iemand wat die gebruik van sy bene verloor, kan wens tot hy blou is in sy gesig, dit gaan niks aan die waarheid verander nie. As jy by die punt uitkom van "DIT IS WAT DIT IS", kan jy begin planne maak. Kom so vinnig as moontlik by daardie punt uit. "DIT IS WAT DIT IS" gee mens geweldig baie vryheid. Dit sluit aan by die beginsel van, ons gaan doodgaan. "DIT IS WAT DIT IS", ons gaan doodgaan! Steve Jobs het gesê: "mense wat besef dat hulle gaan doodgaan, leef asof hulle niks het om te verloor nie". Dis mos vryheid!

As jy gat wil sien, ver wag regverdigheid

Ek het baie slegte nuus. Daar is geen waarborg vir regverdigheid nie. Jy kan op geen manier van die wêreld ver wag om regverdig te wees nie. Dinge gebeur en onskuldige kinders en goeie mense kry seer. Waar is die regverdigheid?

Doen dit nogtans!

Mense is dikwels onredelik, onlogies en selfgesentreerd.

Vergewe hulle nogtans.

As jy vriendelik is, mag mense jou beskuldig van selfsugtige, bybedoelings.

Wees nogtans vriendelik.

As jy suksesvol is, sal jy sommige vals vriende en sommige ware vyande wen.

Wees nogtans suksesvol.

As jy eerlik en opreg is, mag mense jou bedrieg.

Wees nogtans eerlik en opreg.

Wat jy jare lank bou, kan iemand oornag vernietig.

Bou nogtans.

As jy kalmte en geluk vind, mag hulle jaloers wees.

Wees nogtans gelukkig.

Die goeie wat jy vandag doen, sal mense dikwels môre vergeet.

Doen nogtans die goeie.

Gee die wêreld die beste wat jy het, en dit mag nooit genoeg wees nie.

Gee die wêreld nogtans die beste wat jy het.

Jy sien, in die finale ontleding, is dit tussen jou en jou God.

Dit was nooit tussen jou en hulle nie.

Moeder Theresa: "Die feit dat die wêreld onregverdig is, gee jou egter nie 'n verskoning om ongeregverdig te leef of te wees nie". Leef jy die lewe van 'n geregverdigde?

As jy jou gat wil sien, doen niks

Op 11 Junie 1963 daag 'n Viëtnamese Mahayana Boeddhistiese monnik op 'n besige Saigon-padkruising op. Hy het die vorige dag die pers laat weet dat hulle moet kom kyk. Hy klim dood kalm uit sy kar uit, sy dissipels maak hom gemaklik met 'n kussing vir die harde grond, hulle gooi petrol oor hom, en steek hom aan die brand. Quảng Đức het teen die vervolging van Boeddhistiese Monikke deur die Suid-Viëtnamese regering onder leiding van Ngô Đình Diệm, 'n ywerige Rooms-Katolieke, betoog. Slegs twee joernaliste daag op en een het 'n kamera. Die foto hiervan is die vonk wat die oorlog in Vietnam begin, die foto wen 'n Pulitzer prys. **Hy het die wêreld verander!** Wat hierdie storie so ongelooflik maak is dat hy niks besit het nie, hy was oënskynlik magteloos. Monnike is passief, hulle glo nie in geweld nie. Maar hy het die wêreld verander. **DOEN IETS, DOEN WAT JY KAN DOEN!** Dit help nie ons kla oor die toestand van die land nie. Doen wat jy kan doen, maar doen iets. Om niks te doen is ook

n aksie.

Doen iets. Al beteken dit dat dit gaan pynlik wees. DIT IS WAT DIT IS, daar gaan altyd redes wees om ongelukkig te wees, jy kan net sowel iets doen.

Hou op kla oor jou huwelik doen iets daaraan sonder om iets terug te verwag.

Hou op kla oor die land se probleme, doen iets, neem deel, stem, wees goed vir iemand anders.

Hou op kla oor alles wat jy nie het nie, doen iets! Kyk om jou en soek die mooi wat daar is.

Swaarkry

Victor Frankl was 'n Jood wat in Nazi-Duitsland geleef het in die tweede wêreldoorlog. Die Duitsers het sy hele familie, vrou, ouers almal behalwe een suster vermoor in die konsentrasie kampe. Hy vertel dat hy een nag in die koue vir dood gelos is. Hy besef toe hy daar lê dat hy niks meer het om te verloor nie. Alles wat hy na waarde geag het is van hom af weggevat, tot selfs die basiese dinge wat ons as mense identifiseer was weg. Hy besluit daardie nag dat hulle alles gevat het, maar sy vermoë om te besluit hoe hy daarop gaan reageer is nog sy voorreg.

Ons leef in 'n baie klein spasie, tussen wat met ons gebeur en hoe ons daarop reageer. Dit is vryheid! Jy kan besluit! Maak nie saak hoe sleg die omstandighede is nie. Ons het nie nodig om slagoffers te wees nie! Frankl het oorleef en aangegaan om een van die wêreld se beste sielkundiges nog ooit te word. Hy het die wêreld verander van niks af nie.



Isak in aksie tydens die Merino SA – Dinee.

Hoe groot is my swaarkry?

Ek gebruik Frankl ook op my swaarkry skaal. Ek probeer altyd my swaarkry in perspektief sit. Ek sit dus my swaarkry op 'n balanseer skaal en vergelyk dit dan met syne. Ek kon nog nooit myne eers geskuif kry nie. Dit is heeltemal moontlik om my skaal te skuif, deur die Genade kon ek nog nooit nie. Slegte dinge gebeur met almal, sonder uitsondering. Swaarkry is 'n keuse. So hoe hanteer ons swaarkry?

Ek het hierdie gedagte in Frankryk raak geloop: **La Petit Bonheur**, dit beteken los vertaal, "n klein ietsie mooi". Dit is 'n strategie om saam met swaarkry te leef. Dit beteken dat ons elke dag vir 'n klein oomblik stop, stil raak en na iets soek wat mooi is. Die klein goedjies. Ons mis soveel omdat ons nie stop, kyk en dankbaar is nie. Hierdie is 'n oorlewing strategie. Maak 'n afspraak met jouself eenmaal 'n dag, kweek die gewoonte, soek vir die mooi om jou. Draai die spiraal om.



VOLGENDE VEILINGS

PRODUKSIE VEILING 27 FEBRUARIE 2025
NASIONALE VEILING 15 AUGUSTUS 2025



Theo Potgieter:
072 356 8940



Kleintjie Pienaar:
082 823 0648



Jaco Potgieter:
082 2104160

Christiaan Marincowitz (BKB): 082 826 0668
Groep3 Merino's



19de PRODUKSIEVEILING

13 FEB 2025

Swartkoppies
Jagersfontein

Produksieveiling om 11:00,
Ramveiling om 14H00

GPS coordinate:
S 29°56,969 E 25° 29,640

4000 SKAAP

- 50 ramme - horing en poenskoppe
- 1000 dragtig en oop ooie
- 3000 hammel- en ooi lammers



• Hoë kwaliteit wol • Hoë vrugbaarheid • Moederseienskappe



Piet Louw 082 551 8243 | **Jannie Alexander** 076 681 6168
Willem Botha 072 868 4087 | **Mario Kruger** 60 522 3906



'n Volgepakte saal luister aandagtig na Isak.

Jack Gilbert, die digter sê dit die mooiste
*We must risk delight. We can do without pleasure,
 but not delight. Not enjoyment. We must have
 the stubbornness to accept our gladness in the ruthless
 furnace of this world. To make injustice the only
 measure of our attention is to praise the Devil.
 If the locomotive of the Lord runs us down,
 we should give thanks that the end had magnitude.
 We must admit there will be music despite everything.*

As jy jou gat wil sien, dink verkeerd oor mense.

Die p@@phol faktor

Ek werk nou al baie jare met mense. Met die loop van die jare het ek begin oplet dat meeste mense met wie ek werk eintlik bo normaal gaaf is. Ek het egter ook agtergekom dat enkele mense wat oor my pad kom wat ongeskik of sleg is, my hele siening van die mensdom verkeerd inkleur. Kom ons noem hierdie mense p@@pholle! My onwetenskaplike maar deurgedinkte opinie is dat slegs omtrent een uit elke vier honderd mense met wie ek te doen kry, 'n ras egte p@@phol is. Dit maak dit nou vir my maklik om die situasie te sien vir wat dit is.

Mense is goed! Die paar p@@pholle wat daar is kan tog nie die mensdom verteenwoordig nie. Die probleem is dat ons ons hele lewe dan begin bou rondom die vermyding van pyn. Ons is nie bereid om weer te vertrou of lief te hê as ons eenmaal seergekry het nie, want daardie een pynlike ervaring veroorsaak dat ons alle verhoudings of ervarings deur hierdie lens bekyk. Hierdie is die essensie van die p@@phol faktor. Leef jy jou lewe voluit as jy die heeltyd pyn en risiko gaan probeer vermy en dan gaan jy nooit alles wat die lewe kan bied kry nie. Om by die murg uit te kom moet jy eers die harde been oopsny!

Die probleem met die p@@phol is dat ons vanaand as ons wil slaap nog steeds met hom besig bly. Die p@@phol het al lankal van jou vergeet, hy dink nie eers meer aan jou nie, maar hy pla jou. Ons natuurlike reaksie in sulke situasies is om te veg. In Engels sê ons, "we want to get even". Die situasie gaan op een van twee maniere uitspeel. In die situasie gaan jy veg of vlug, net sodat jy later kan veg. Die veg reaksie bring jou p@@phol uit, die vlug reaksie maak dat jy later gaan veg met iemand anders, waarskynlik iemand oor wie jy mag het. Ons probeer dus die situasie hanteer deur dieselfde te raak, "getting even". Dit beteken eintlik jy raak gelyk aan, dieselfde.

Kom ons dink mooi na oor hierdie situasie. Daar is 'n spreuk woord wat sê, dat mens altyd moet onthou, dat as jy die een kant

van die stok optel, die ander kant saamkom. Ek het altyd gedink dat wat in die Bybel staan oor die die ander wang draai, beteken dat ons as Christene maar altyd die minste moet wees en bereid moet wees om maar net altyd te verloor, deur konflik te vermy. DIT IS NIE WAT DIT BETEKEN NIE! Jesus het nie omgee vir konflik nie. Dawid was 'n ongelooflike vegter. Wat die verskil is, is dat hulle eers gedink het voor hulle opgetree het. Draai die ander wang sodat jy in beheer kan kom van die situasie.

Hierdie probleem noem ons **p@@phol belasting**.

Hoe hou mens op om p@@phol belasting te betaal? Eerstens deur die situasie te sien vir wat dit is. Die mens is 'n p@@phol, dit is nie nou jou skuld nie, dit is wie hy is. Jy staan maar net aan die verkeerde kant van die rioolpyp. Al wat jy kan doen is om weg te skuif van die pyp af. Tweedens moet ons besef dat meeste mense nie permanente p@@pholle is nie. Intendeel ons almal het heel moontlik al 'n draai daar gaan maak. Die moontlikheid bestaan dus altyd dat jy die p@@phol kan wees. Gaan kyk na die eerste reël oor arrogansie. Vermy dit ten alle koste!


Ek het vir myself p@@phol verkenning meganismes gebou oor die jare. Hulle hou daarvan om jou gyselaar te probeer hou. Woorde soos jy sal doen wat ek sê, of..... Hulle hou van skree, dit is 'n boelie se hoof gereedskap. Hulle glo vas dat hulle altyd reg is en geregverdig is in hulle woede of verontwaardiging. Hulle sien kans om die verhouding te verloor terwille daarvan om reg te wees.

So hoe hanteer jy 'n p@@phol? Ek kry hulle jammer, onthou hy weet nie dat hy 'n p@@phol is nie, omdat hulle so skreeuerig is, is mense nie bereid om hulle reg te help nie, hulle weet dus nie dat hulle in 'n ongeluks toneel is nie. Mense wat ook permanente p@@pholle is, is ook nie gelukkig nie, dit is altyd iemand anders se skuld dat hulle kwaad raak.

Wie moet jy vergewe? JOUSELF! Jy het toegelaat dat die p@@phol jou ontstel. Steven Covey sê dat ander mense ons net kan seermaak na die mate toe wat ons dit toelaat. Hou asseblief jouself dop. Moenie die p@@phol wees nie! En as jy was, gaan vra vergifnis, nie verskoning nie.

Ten slotte

Ons lewe is 'n lang lys van klein besluite wat ons elke dag neem. Hierdie besluite word geneem uit 'n waarde stelsel uit, die fondament waarvan ons na die wêreld kyk. Hierdie is 'n stel foute wat in jou fondament kan inkruip sonder dat jy dit weet. Dit is my hoop dat jy deur hierdie eenvoudige foute te vermy, jy aan die einde van jou lewe sal kan rapporteer dat daar baie meer goeie as slegte oomblikke was.



NEUMAN BROERS

 Neuman Merino's

MERINO'S IN 'N KLAS VAN HUL EIE

Leonard Neuman 072 535 0197
Dr Hannes Dreyer 082 823 1045

Daan Cronje 082 565 6924
Pieter Nel 076 078 9849



-NEUMAN-



-MERINOS-



- Koop Neuman Merino's en kyk NOOIT weer terug
- Harde, aangepaste ramme geteel in die Hoëveld
- Neuman Merino's sinoniem met veldramme

Die afgelope sestien jaar toets ons beide ons ramme en ooie op die veld onder toesig van VELDRAM SA. Dit is een van die min stoeterye waar baie klem geplaas word op aanpasbaarheid en word kondisiebepalings met elke weging gedoen.



Merino Ram- & Ooiveiling: 7 Augustus 2025 om 13:00, plaas Newlands, Vrede

DIE OVERBERG JONGOOI KLUB: DIE TOEKOMS VAN UITSONDERLIKE SKAAP

Die Overberg Jongooi Klub is 'n unieke inisiatief wat fokus op die teel en bevordering van die Merino skaap in die Overberg. Hierdie klub is begin om die behoefte van entoesiastiese skaapboere wat nie net die kwaliteit van hul kuddes wil verbeter nie, maar ook die liefde vir die Merino skaap wil deel. Die klub bestaan uit 17 lede.

Die hoofdoel van die Klub is die teel van hoëgehalte skape. Deur die ontwikkeling van spesifieke teelstandaarde en die deel van beste praktyke, poog die klub om die genetica, wolkwaliteit en vleisproduksie van hul lede se skaap te verbeter. Die klub bied ook 'n platform vir lede om kennis en ervarings uit te ruil, wat die hele gemeenskap bevoordeel.

In die Overberg area is kleingraan boedery die hoof bedryfs vertakking, dus gaan meeste van die kundigheid en geld vir die verbetering van presisie boedery praktyke. Die skaap vertakking trek dus aan die kortste ent. Ons het die behoefte raak gesien om presisie boedery praktyke by die skaap boedery te implementeer, sodat ons presies kan sien watter tipe skaap die beste presteer onder die plaaslike omstandighede.

Daar word 170 merino ootjies uit verskillende dele van die Overberg, Strandveld, Riviersonderend, Ouplaas en uit die Ruens gebied rondom Bredasdorp, Klipdale, Napier gebring. Die ootjies bly op een plaas en word onder dieselfde omstandighede en bestuurs program geplaas, sodat die telers nie net die spesifieke ootjies met hul eie ooie op die plaas kan vergelyk nie, maar ook met ander telers se ootjies wat ook in die program ingeskryf is.

Die ootjies word ingeskryf op ongeveer 7 maande oud en bly in die program totdat hul nageslag op 100dae na geboorte gespeen word. Al die ooie word met dieselfde ram gepaar en kry dieselfde ramme vir opvolg siklusse. Dus kry ons nie net wol en gewig data van die ooie nie, maar ook konsepsie, speen en kg gewig gespeen vir die ooie en ramme.

Die Overberg Jongooi Kuddes Klub is 'n inspirerende voorbeeld van hoe gemeenskappe saam kan kom om 'n spesifieke doelwit te bereik. Deur die fokus op die Merino skaap en die bevordering van beste praktyke in teling, help die klub nie net om die ras te bewaar nie, maar ook om 'n volhoubare toekoms vir die landboubedryf te bou. Hierdie inisiatief is 'n bewys dat samewerking en passie vir die landbou 'n positiewe impak kan hê op die gemeenskap en die ekonomie.

deur Christoff Lourens 072 264 2991



RICHMOND SKOU 2024

Dankie aan Carla Viljoen vir die fotos en inligting.

- 1:** Cobus, Kobus, Gerrit en Gideon Viljoen met hul drie kampioene (kortwol ooie <45kg tot 64kg). Boetie Kiwido help vashou.
- 2:** Van Zyl Jnr en Snr Naudé met 2 van hul kampioene ooie (langwol ooie <47kg tot 54kg). Frans Jansen en Koos Lottering help vashou.
- 3:** Melissa Naudé (Nitique Bdy) met die Kampioen ooi van die skou. Howard Sigonyela help vashou.
- 4:** Stefan Louw en Willem Retief (Retief Geelbek) met die Kampioen ram van die skou. Colbri van Rensburg help vashou.



Geelbek Elite Merinos

The Original Geelbek Genetics. Since 1930.

94 Jaar van Beproefde Genetika | Veldaangepas en Goeie Waarde van Geld

**67^{ste} - 29 JAN 2025 &
68^{ste} - 24 JULIE 2025 @ 11:00**
LEOPARDSVLEI, MIDDELBURG (OOS KAAP)

AANBOD: ± 80 HORING & POENSKOPRAMME

GPS: S31°32'00.21"E 24°27'17.07"



Genetika wat nie teleurstel



Teler: Stefan Naude **072 639 2185** • Marie Naude **082 959 5127**
OVK: Stefan Bester **066 379 0091** • Jo-Anne Bester **082 559 0459**

DIE MERINO EKW-REP INDEKS

Dr Bernice Mostert
SA Stamboek



Inleiding

Die Relatiewe Ekonomiese Waardes (EKW en EKW-REP Indekse) is deur die Grootfontein Navorsingsinstituut ontwikkel vir die SA Merino ras as 'n seleksie-indeks wat produksie en reproduksie eienskappe kombineer, gewoog volgens hulle ekonomiese belangrikheid. Dit word uitgedruk in Rand/Kleinvee-eenheid en dien as 'n seleksie-hulpmiddel om toekomstige teelmateriaal te identifiseer wat 'n positiewe effek op die winsgewendheid van die boerdery-onderneming sal teweegbring. Die indeks word deur middel van ekonomiese simulاسies wat op 'n 5-jaar rollende gemiddeld van wol- en vleispryse gebaseer is, saamgestel. Die ekonomiese gewigte word jaarliks in September maand aangepas. Hierdie Indekse is sedert 2008 beskikbaar gestel aan Merino telers as die amptelike teelbeleid van die SA Merino Genootskap.

In Augustus 2024 het die Tegniese Komitee 'n aanbeveling aan die Raad gemaak dat die EKW-REP indeks as die amptelike indeks, in plaas van die EKW (of REV) gebruik moet word, omdat dit 'n meer gebalanseerde indeks is waarin vrugbaarheid sterker beklemtoon word. Dit is dan so deur die Raad aanvaar en vanaf Sept 2024 geïmplementeer.

Genetiese Vordering deur middel van EKW-REP

Die samestelling van 'n seleksie-indeks is geensins 'n maklike prosedure nie, aangesien eienskappe in verskillende eenhede gemeet word, verskille in die genetiese variasie van die eienskappe voorkom, negatiewe waardes vir sommige eienskappe voordelig en eienskappe geneties gekoppel is en dus relatief tot mekaar verander wanneer hulle saam in 'n teelbeleid ingesluit word. Verder kan eienskappe positiewe sowel as negatiewe effekte op inkomste hê. Hierdie word alles in ag geneem wanneer die indekse saamgestel word.

Die bou blokke vir die EKW en EKW-REP is presies dieselfde, maar daar word minder gewig op Liggaamsmassa en meer gewig op Totale Gewig Gespeen geplaas in die EKW-REP as in die EKW. Die EKW-REP en EKW word as volg saamgestel:

Ekonomiese Waarde (EKW)

$$EKW = -3285.78 + 4.105 EBV_{LG} + 112.27 EBV_{SVM} + 1.38 EBV_{SL} - 388.07 EBV_{VD} + 8.6411 (19.5 + EBV_{VD})^2 + 8.7975 EBV_{TWW}$$

Reproduksie Ekonomiese Waarde (EKW-Rep)

$$EKW-REP = -3272.06 + 0.26 EBV_{LG} + 112.51 EBV_{SVM} + 1.37 EBV_{SL} - 386.45 EBV_{VD} + 8.605 (19.5 + EBV_{VD})^2 + 17.595 EBV_{TWW}$$

In die volgende tabel word aangedui hoe die diere fenotopies (volgens hulle metings) en geneties (volgens hulle teelwaarde indekse) vergelyk ten opsigte van of hulle in die onderste ekstrem (EKW-REP < 88), gemiddeld (88 ≤ EKW-REP < 112) of in die boonste ekstrem (EKW-REP ≥ 112) van die aktiewe ras val ten opsigte van die EKW-REP.

Tabel 1: Vergelyking van fenotopiese en teelwaarde gemiddeldes van diere wat in die onderste, gemiddelde en boonste ekstreme van die aktiewe ras val ten opsigte van die EKW-REP.

Eienskap	DIERE MET EKW-REP < 88			DIERE MET EKW-REP ≥ 88 en < 112			DIERE MET EKW-REP ≥ 112		
	Aantal	Fen. Gem.	EBV Indeks Gem.	Aantal	Fen. Gem.	EBV Indeks Gem.	Aantal	Fen. Gem.	EBV Indeks Gem.
Speen DIR	8 287	25.6	96.9	42 997	26.5	100.3	7 038	28.6	102.0
Speen MAT	8 287	25.6	100.0	42 997	26.5	100.4	7 038	28.6	97.8
NLW	3 669	1.39	92.8	14 655	1.68	100.6	1 764	1.36	106.4
TWW (kg)	3 669	28.2	90.8	14 655	32.9	100.4	1 764	40.1	108.3
LG (kg)	5 128	45.3	97.4	22 920	47.6	100.4	5 170	51.1	100.9
SVG (kg)	4 974	3.12	90.1	22 380	3.59	100.7	5 196	4.21	106.5
VD (um)	5 122	18.2	111.0	22 899	17.2	100.7	5 224	16.3	86.0
SL (mm)	5 098	108.3	96.7	22 873	111.4	100.5	5 222	115.7	100.9
Wolpunt	3 636	6.65	94.7	16 385	6.72	101.2	4 051	6.73	105.9
Bouvorm	3 635	6.59	96.5	16 380	6.58	100.9	4 050	6.54	102.8

Fen. Gem. = Fenotopiese (metings) Gemiddeld
 LG = Liggaamsgewig
 NLW = Aantal Lammers Gespeen
 SL = Stapellengte
 SVG = Skoonvaggewig
 VD = Veseldeursnee
 TWW = Totale Gewig Gespeen

Gemiddeldes is gebaseer op aktiewe diere wat gemeet was vir die betrokke eienskap. Teelwaarde Indekse is gebruik, omdat die teelwaardes gestandaardiseer word rondom 100 wat die aktiewe gemiddeld van die populاسie is, met 12 as standaardafwyking. Die verskil in variasie tussen die eienskappe word dus gelykgestel, sodat die verandering tussen die eienskappe op 'n regverdige wyse kan geskied.

Fenotopies het die skape met EKW-REP < 88 laer speengewigte, ligter lammers wat gespeen word, ligter liggaamsgewigte met wolmeting, ligter vage, sterker vesels, korter stapels en 'n laer wolpunt in vergelyking met die skape met hoër EKW-REP waardes. Skape met EKW-REP ≥ 112 het die hoogste speengewigte, swaarste lammers wat gespeen word, swaarste liggaamsgewigte met woltoets, swaarste vaggewigte, fynste vesels, langste stapels en beste wolpunt in vergelyking met die skape in die laer EKW-REP groepe. Die gemiddelde Bouvorm Punt is baie vergelykbaar tussen die verskillende EKW-REP groepe.

In Tabel 2 word die verskille tussen die genetiese gemiddeldes van die diere in die EKW-REP < 88 groep en die diere in die EKW-REP ≥ 112 groep aangetoon vir die verskillende eienskappe.

Tabel 2: Verskille tussen genetiese gemiddeldes van diere met EKW-REP < 88 en diere met EKW-REP ≥ 112.

EIENSKAP	VERSKIL
VD	-25.0
SVG	16.4
TWW	15.5

ONS LEES JOU STOET SOOS

'n Storie



NLW	13.6
Wolpunt	11.2
Bouvorm	6.3
Speen DIR	5.1
SL	4.2
LG	3.5
Speen MAT	-2.2

Eienskappe wat die meeste verskil is Veseldeursnee, waar diere in die EKW-REP ≥ 112 groep se genetiese potensiaal gemiddeld 25 indekspunte beter is om fyner wol te teel, gevolg deur Skoonvaggewig, waar die EKW-REP ≥ 112 groep se genetiese potensiaal 16.4 indekspunte beter is om swaarder vagte te teel. 'n Baie groot verskil word ook gesien vir Totale Gewig Gespeen, waar diere in in die EKW-REP ≥ 112 groep se genetiese potensiaal gemiddeld 15.5 indekspunte beter is om swaarder lammers by speen te teel as die diere in die EKW-REP < 88 groep. Die genetiese potensiaal vir Speen Maternaal is egter 2.2 indekspunte laer in die EKW-REP ≥ 112 groep in vergelyking met die diere in die EKW-REP < 88 groep, soortgelyk aan wat gesien word by toepassing van die EKW.

Gekorreleerde Responsies

'n Effektiewe manier om die werking van 'n Seleksie-Indeks te evalueer, is om die gekorreleerde responsies te monitor wat sal plaasvind wanneer seleksie in 'n populasie op die Indeks gebaseer word. Hierdie gekorreleerde responsies neem die genetiese standaardafwykings van die indeks en die eienskappe wat ondersoek word in ag, asook die genetiese korrelasies wat tussen die Indeks en die eienskappe bestaan. Genetiese korrelasies is gevolglik bepaal tussen die eienskappe waarvoor teelwaardes beraam word en die EKW en EKW-REP, gebaseer op diere wat ten minste 10 gemete nageslag vir die betrokke eienskap het.

In Tabel 3 word die genetiese korrelasies tussen al die eienskappe waarvoor teelwaardes beraam word met die EKW en EKW-REP aangedui, asook die gekorreleerde responsies wat verwag kan word indien seleksie op grond van die EKW of EKW-REP plaasvind.

Tabel 3: Genetiese korrelasies met die EKW en EKW-REP en gekorreleerde responsies van eienskappe indien seleksie op grond van die Indeks toegepas word.

Eienskap	Korrelasies met EKW	Korrelasies met EKW-REP	Gekor Responsies EKW	Gekor Reponsies EKW-REP
Speen Dir	0.45	0.39	0.049	0.040
Speen Mat	0.14	0.15	0.007	0.007
NLW	0.21	0.33	0.001	0.001
TWW	0.30	0.43	0.046	0.062
LiggGewig	0.48	0.39	0.069	0.054
SVG	0.66	0.63	0.014	0.013
VD	-0.58	-0.58	-0.030	-0.029
SL	0.41	0.37	0.188	0.160
Bouv	0.40	0.34	0.017	0.014
Wolpunt	0.48	0.43	0.017	0.015

Eienskappe wat redelik sterk gekorreleerd is met die EKW, is Skoonvaggewig (66%), Veseldeursnee (-0.58), Bouvorm (65%), Liggaamsgewig (48%), Wolpunt (48%), Speen Direk (45%), Stapellengte (41%) en Bouvorm (40%). Totale Gewig Gespeen (30%) en Aantal Lammers Gespeen (21%) is matig gekorreleerd, terwyl Speen Maternaal (14%) die laagste korrelasie met die EKW toon.

Met die EKW-REP is Aantal Lammers Gespeen en Totale Gewig Gespeen baie sterker met die indeks gekorreleerd (33% en 43%, respektiewelik), met Speen Direk en Liggaamsgewig wat laer gekorreleerd is (39% in elke geval). Dit is te wagte aangesien 'n heelwat swaarder gewig op TWW en minder gewig op Liggaamsgewig geplaas word in die EKW-REP as in die EKW. Vir die woleienskappe is die genetiese korrelasies met die EKW-REP baie dieselfde as met die EKW. Speen Maternaal is effens sterker gekorreleerd, met Stapellengte, Bouvorm en Wolpunt wat effens laer geneties gekorreleerd is met die EKW-REP as met die EKW.

Die gekorreleerde responsies dui aan hoeveel die eienskappe geneties sal verander met R1 verbetering in die EKW en EKW-REP. Al die eienskappe sal verbeter met Veseldeursnee wat fyner sal word wanneer seleksie op grond van enige een van die Indeks plaasvind. Baie klein responsies kan gesien word in Speen Maternaal en Aantal Lammers Gespeen, met sterker responsies wat op die groei eienskappe verwag kan word. Groter verbetering op Totale Gewig Gespeen en kleiner toenames in Liggaamsgewig sal plaasvind met seleksie gebaseer op die EKW-REP in plaas van die EKW, terwyl die responsies op die woleienskappe baie dieselfde is.

Ten Slotte

Seleksie op grond van die EKW en EKW-REP sal definitief 'n positiewe invloed op die verbetering van die ekonomie van 'n Merino onderneming hê, aangesien 'n verbetering in al die woleienskappe daarmee bewerkstellig word. Dit is egter ook belangrik dat die toenames in Direkte Speengewig en Liggaamsgewig, terwyl Maternale Speengewig op redelik dieselfde vlak bly, opgemerk moet word. Vanuit die gekorreleerde responsies kan afgelei word dat toename in Totale Gewig Gespeen grootliks toegeskryf kan word aan die toename in Direkte Speengewig en nie soseer aan 'n verbetering in Aantal Lammers Gespeen of Maternale Speengewig nie. Die genetiese toename wat in Liggaamsgewig van die Merino ras plaasgevind het oor die laaste 2 dekades (geneties met 4kg toegeneem sedert 1997) moet ook in oorweging geneem word, aangesien dit gepaard gaan met hoër onderhoudsbehoefes.

Telers moet aangemoedig word om altyd ook die genetiese vlakke van individuele eienskappe wat bydrae tot die Indeks te vergelyk met hulle eie kuddes se genetiese vlakke voordat finale seleksie-besluite geneem word. Wanneer die wolprys gunstig is, word swaarder gewigte in die Indeks geplaas op Skoonvaggewig, Veseldeursnee en Stapellengte wat vrugbaarheid kan benadeel as gevolg van negatiewe korrelasies wat tussen woleienskappe en reproduksie bestaan. Vanuit die genetiese korrelasies van die verskillende eienskappe met die twee Indeks en gekorreleerde responsies wat verwag kan word, blyk die EKW-REP om meer gebalanseerd te wees ten opsigte van groei, wolproduksie en reproduksie. Dit is die rede waarom die Tegnieese Komitee aanbeveel het dat die EKW-REP as die primêre indeks geïmplementeer moet word.




DIEPRIVIER

EST

1907

SOUTH AFRICA



4TH PRODUCTION SALE
FRIDAY 21 FEB 2025



69TH NATIONAL SALE
FRIDAY 15 AUG 2025



[@TRUMPSMERINOSTUD.COM](https://www.facebook.com/TRUMPSMERINOSTUD.COM)

www.trumpsmerinostud.com

ANDRIES PIENAAR: +27 827 622206 | JAN PIENAAR: +61 466 471758 | EMAIL: JFJPIENAAR@GMAIL.COM

BENNIE STEYN (BKB): 082 772 4548 | WOUTER VORSTER: 071 497 7712

'N SKITTERENDE BKB MERINO CLASSIC BY 2024 BLOEMSKOU

Deur Deidré Louw

Die 2024 BKB Merino Classic was een van die hoogtepunte tydens vanjaar se Bloemskou in Bloemfontein. Die BKB-kleinveesentrum het van 24 tot 26 April behoorlik gegons met 44 Merino-telers wat 705 diere vertoon het. Die borge by die geleentheid was BKB, Plaas Media, Voermol Voere, OVK, Molatek, ABSA, Zoetis, Feedtek, Livetrack SA, Virbac en KomTAG.

Telers wat op die skou uitgeblink het, het spesiale toekennings ontvang. Hulle is Willem Retief van Hanover, Piet Louw van Jagersfontein, Roelo van Heerden van Murraysburg, Kleintjie Pienaar van Graaff-Reinet, en Grant en Stefan Naudé, albei van Hanover. Voermol Voere het 'n spesiale klas geborg waarin die tien beste hanteerders van die skou elk 'n prys ontvang het. Siphon Ngco was die wenner van hierdie kategorie.

Vir volledige terugvoer en foto's, besoek www.agriorbit.com asook die Plaas/Farm TV-kanaal op Youtube.

- 1: Ses beoordelaars van BKB en OVK het die groot taak gehad om die klaswenner en kampioene aan te wys. Hulle is, van links, Jan Olivier, Uysie Willemsse, Keith Coetzee, Cor Uys, Pierre-Louw Fourie en Marnitz Fourie.
- 2: Die Vrystaatse Ram van die Jaar-toekenning het gegaan aan PD Jacobs van P'Drino Merino's. Van links is Dirco Bezuidenhout, Willie van Heerden van Plaas Media, PD Jacobs, eienaar, Mike van der Berg van BKB, en Jan de Wee, die hanteerder.
- 3: By die grootkampioen-ooi is, van links, Mike van der Berg van BKB, Roelo van Heerden, eienaar, en die hanteerder, Manie Hoffman.
- 4: By die grootkampioen-ram, van links, is Jarrod Naudé, teler, John Melville van OVK, Grant Naudé, teler, en Vernon Alsander, Charles Solomans, Xosile Sigonela, en Elrico Bantom, hanteerders.
- 5: Die vertoner met die meeste punte was Piet Louw (links). By hom is Deidré Louw van Plaas Media. (Foto: Tania Calldo).
- 6: Stefan Naudé van Geelbek Elite Merino's is as die teler van kampioene aangewys. By hom is Mike van der Berg van BKB.
- 7: Robert Harris van Voermol oorhandig die prys vir die beste hanteerder aan Siphon Ngco.



DEIDRÉ LOUW PR & Communications Manager
 066 231 2430 deidre@plaasmedia.co.za

Veeplaas | Stockfarm | Plaas/Farm TV | RSG Landbou | CHIPS | AFMA Matrix | Oilseeds Focus
 Bonsmara: Die Rooi Ras/The Red Breed | Agbiz Grain Quarterly | SA Stud Breeder | LRF-TS News
 National Silage Competition | National Young Auctioneer Competition | Veeplaas Climate Smart Ambassador

217 Clifton Ave, Lyttelton, Centurion | 012 664 4793 | www.plaasmedia.com | www.agriorbit.com | digimags.agriorbit.com

Artikel met vergunning van



Veeplaas

Lesstof vir die veeprodusent

Ons skryf vir die boer, nie oor die boer nie.

Die pad na jou Merino-hart, loop deur ons blaaie.



www.agriorbit.com



Veeplaas Tydskrif



@Veeplaas1



BKB MERINO CLASSIC 2024

Die BKB Merino Classic 2024, Merino SA se Nasionale Skou, het op 25 en 26 April tydens Bloemskou 2024 in die BKB-Kleinveesentrum plaasgevind. Altesame 44 telers het 705 diere vir die skou ingeskryf. Top gehalte teelmateriaal is uitgestal. Die 2024 BKB Merino Classic was een van die hoogtepunte tydens vanjaar se Bloemskou. Die BKB-kleinveesentrum het van 24 tot 26 April behoorlik gegons.

Die borge by die geleentheid was BKB, Plaas Media, Voermol Voere, OVK, Molatek, ABSA, Zoetis, Feedtek, Livetrack SA, Virbac en KomTAG.

Deelnemers aan die BKB Merino Classic was nie beperk tot stoettelers en lede van Merino SA nie. Enige produsent wat met Merino's boer het gekwalifiseer om in te skryf en deel te neem. Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan terug kyk na 'n suksesvolle BKB Merino Classic 2024 en Merino SA het groot waardering vir elke vertoner wat deelgeneem het.

Die hoofkategorieë waarin beoordeel is, is die volgende: Lammers: Ongeskeer en geskeer; Langwol of kortwol: Manlik en vroulik; Tweetand: Ongeskeer en geskeer; Langwol of kortwol: Manlik en vroulik; Viertand: Ongeskeer en geskeer; en Langwol of kortwol: Manlik en vroulik.

Groot dank aan ons borge! BKB ons titel-borg van die spog geleentheid, Molatek, Voermol en OVK ons goue borge, PlaasMedia ons media borg, ABSA en Zoetis ons silwer borge en brons borge Livetrack SA, KomTAG, Feedtek en Virbac. Donderdagaand by die BKB Merino Classic Onthaal is geskenke aan die borge oorhandig as blyk van waardering. Boodskappe is ook gelewer deur, Adrian McNaughton, Merino SA President, en Jacobus le Roux, BKB Algemene Bestuurder OB en Korporatiewe Bemaking. Jacobus het dit weereens beklemtoon hoe belangrik dit is vir alle rolspelers om saam te werk om so geleentheid 'n sukses te maak. Merino SA is ook dankbaar teenoor Bloemskou.



TITELBORG: BKB

Diederik van Pletzen (Vise-President Merino SA) en Jacobus le Roux (BKB)



GOUE BORG: OVK

Diederik van Pletzen, Christel Basson (OVK) en Frans Hugo (OVK)



GOUE BORG: MOLATEK

Diederik, Gerhard van As (Molatek) en Arno Ferreira (Molatek)



GOUE BORG: VOERMOL

Diederik, Leon de Klerk (Voermol) en Kenneth Crampton (Voermol)



MEDIA BORG: PLAAS MEDIA

Diederik en Deidre Louw (Plaas Media)



SILWER BORG: ZOETIS

Diederik, Johannes van Rooyen (Zoetis), BG Badenhorst (Zoetis) en Gary Francis (Zoetis)



SILWER BORG: ABSA

Diederik en Eben Myburgh (ABSA)



BRONS BORG: FEEDTEK

Diederik en Alheit du Toit (Feedtek)



BRONS BORG: LIVETRACK SA

Diederik en Deon de Jager (Livetrack SA)



BRONS BORG: VIRBAC

Sirkie Pieterse (Virbac)



BKB MERINO CLASSIC 2024

BORGE



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou



MOLATEK



Voermol

What nature lacks -
Voermol will provide



Home of:

Veeplaas
STOCKFARM



BKB MERINO CLASSIC 2024



Groot Kampioen Ooi

Mike van den Berg van BKB, Roelo van Heerden van Onderstetuin, Murrysburg en Manie Hoffman.



Groot Kampioen Ram

John Melville van OVK, Jarrod en Grant Naudé van NITIQUE Boerderij, Vernon Alsander, Charles Solomans, Xosile Sigonela en Elrico Bantom.



Vertoner van Kampioene

Mike van den Berg van BKB en Stefan Naudé, Geelbek Elite Merino's, Hanover.



Vertoner met die meeste punte:

Piet Louw, Link Merino's, Swartkoppies en Deidré Louw van Plaas Media.



Vrystaat Ram van die Jaar

Dirco Bezuidenhout van MOK3, Willie van Heerden van MERINO SA, Pd Jacobs van Pdrino Merino's, Mike van den Berg van BKB en Jan de Wee.



Beste 10 vashouers

Robert Harris van VOERMOL saam met die prys weners.

SPESIALE KAMPIOENSKAPPE

STUD NR 653

PREISS & KOCK

Shearing excellence since 1915



VEILING DATUMS 2025:
HANOVER: 11 FEBRUARIE
FRANKFORT: 12 SEPTEMBER

REINHARDT KOCK
082 373 5546



BKB MERINO CLASSIC 2024



Beste Poenskop Ram

Johannes van Rooyen van Zoetis, Monique Kleintjie en Willem Retief van Geelbek Retief Merino's, Hanover en Andy Booyens.



Ooi met die beste wol

Frikkie Straus van BKB, Piet Louw van Link Merino's, Arno Ferreira van Molatek en Karel Visagie.



Ram met die beste wol

Pierre Vlok van BKB, Roelo van Heerden van Onderstetuin, Murrzburg en Armaans Gallant.



Ooi met die beste bouvorm

John Melville van OVK, Kleintjie Pienaar van Groep3, Nieu-Bethesda en Jacobus Cupido.



Ram met die beste bouvorm

Jaco Potgieter van Groep3, Graaff-Reinet, Robert Harris van Voermol, Kleintjie Pienaar van Groep3, Nieu-Bethesda en Leon Heugh.



Teler van die beste paar van 'n ram en 'n ooi

Arno Ferreira van Molatek, Roelo van Heerden van Onderstetuin, Murrzburg en Manie Hoffman.

SPESIALE KAMPIOENSKAPPE



PDRINO MERINO

PDRINO MERINO
Superieure Fynwol • Superior Fine Wool



25 FEBRUARIE 2025
11H00 | Vlakfontein, Trompsburg



 PD Jacobs
072 832 9390

 Marius Joubert
072 225 7569

SPESIALE AANBIEDING: Vrystaat Ram van die Jaar 2024

KORTWOL AFDELING



Ooilam: Lig

Carina le Roux van Feedtek, Piet Louw van Link Merino's en April Afrika



Ooilam: Middel

Gerhard van AS van Molatek, Piet Louw van Link Merino's en Willem Mei.



Ooilam: Swaar (onder 52 kg)

Pierre Vlok van BKB, Johané en James Reeders van Lamont Merino's, Rhodes en Zibonele Maarman.



Ramlam: Lig

Inus Wessels van Livetrack SA, Eduard Prinsloo van Heuningkrans Merino's, Smithfield, Zane Phomane en Tumi Matene.



Ramlam: Middel

Garry Francis van Zoetis, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Bongi Onyela.



Ramlam: Swaar (onder 62 kg)

Eben Myburgh van ABSA, Johan Labuschagne, Driefontein, Steynsburg en Ronnie Stuurman.

ONGESKEERDE LAMMERS




BUFFELSPOORT

Pure Poll Merino Stud



NEXT AUCTIONS


Nu Poll Merino - 24 January 2025

 Middelburg, Eastern Cape

National Auction - 15 August 2025

 Graaff-Reinet, Eastern Cape



 Middelburg, Eastern Cape

 Tinus du Plessis - 082 772 3221
 Triegaardt du Plessis - 079 700 4899

 buffelspoortmerino@gmail.com

KORTWOL AFDELING



Ooilam: Lig

Frans Hugo van OVK, Roelo van Heerden, Murraysburg en Marius Williams.



Ooilam: Middel

Gerhard van As van Molatek, Roelo van Heerden, Murraysburg en Rikus Samson.



Ooilam: Swaar (onder 62 kg)

Mike van den Berg namens Virbac, Jandre en Christo Marais van Edenburg en Hannes Jacobs.



Ramlam: Lig

Cheri Fourie en Ilana Vorster van BKB, Piet Louw van Link Merino's, Jagersfontein en April Afrika.



Ramlam: Middel

Leon de Klerk van Voermol, Roelo van Heerden, Murraysburg en Hermaans Galant.



Ramlam: Swaar (onder 74 kg)

BG Badenhorst van Zoetis, Huibert en Herholdt Ferreira van Hanover en Charles.

GESKEERDE LAMMERS

STOETNO 952 JC HANEKOM & SEUN



KORENHOF MERINO'S

"DIE OUDSTE MERINO PRODUKSIEVEILING IN SA!"



44^{ste} Produksieveiling namens DG Hanekom

Dinsdag, 22 Julie 2025 om 13:30
KORENHOF, DISTRIK BREDASDORP



AANBOD

45 MERINO RAMME
25 HORING- & 20 POENSKOPPE

Ramme getoets vir
vrugbaarheid en
vry van geslags- en
verwante siektes.

KORENHOF MERINOSTOET het bekendheid verwerf vir kwaliteitwol, tipe en eenvormigheid!

NAVRAE: PIETER DU PLESSIS (SKAAP- EN WOLADVISEUR, RIVIERSONDEREND)
DIRK HANEKOM (EIENAAR, KLIPDALE)

082 823 0673
082 776 9900

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA VOLG ONS OP: FACEBOOK INSTAGRAM LINKEDIN YOUTUBE

AFSLAERS: RHEBOK STRAAT, INDUSTRIËLE AREA HUMANSDORP TEL : 087 820 4532 REG. NO. 98/12435/06

BKB
LEWENDEHAWE &
AFSLAERSDIENSTE

KORTWOL AFDELING



Ooi: Lig

Eben Myburgh van ABSA, Eduard Prinsloo van Heuningkrans Merino's, Smithfield en Hanro Plaatjies..



Ooi: Middel

Pierre Vlok van BKB, Van Zyl, SP en Van Zyl Naude van Richmond, Johan Jansen.



Ooi: Swaar (onder 68 kg)

Leon de Klerk van Voermol, Roelo van Heerden van Murraysburg en Danie Hoffman.



Ram: Lig

Rozaan, Junelda en RP Bekker, Tshepo Senatsi en Frans Hugo van OKV.



Ram: Middel

Tiny Naude van Zoetis, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover, Piet Venter, Stoet Adviseur en Sipho Ngcongco.



Ram: Swaar (onder 94 kg)

Gerhard van As van Molatek, Roelo van Heerden, Murraysburg en Eldrikus Samson.

PATRYSKRAAL

Merino's

COBUS UYS

☎ 082 777 4203

Bredasdorp, Stoet No: 518



Patryskraal Ramme is slegs beskikbaar by Suid-Kaap Promosieveiling 23 Julie 2025

PATRYSKRAAL HET DIE VOLGENDE BESONDERSE PRYSE VERWERF:

- Stamboek : Een van Top 10 kudde in land
- Nasionale Vag Skou Wenner: 1 ste uit 1000 vagte
- 3 Ramme in Top 10 van Waagvaar Ranglys: Nommer 1; 8 en 9
- 4 Ramme in Top 10 van Waagvaar Ranglys: Nommers 1; 4; 5 en 9

WAAGVAAR RANGORDE / VENTURE SIRE RANKINGS

★ Silver Meriete Ram

Status : Semen Beskikbaar / Lewendig in Stoet

Dier / Animal		Vader / Sire			Beraamde Teelwaardes / Estimated Breeding Values												Status										
Rang Rank	HDM FDM	JJ YY	Volg Seq	HDM FDM	JJ YY	Volg Seq	B.Status Horns	Speen DIR	Wean MAT	Gewig Weight	SknVag CFW	Veseldikte Fibre Diam	STPL	TWW	EKW REV	EKW_Rep REV_Rep	Graad Wool/Wol	Grade Conf/Bou	Semen Stoet								
1	518	23	0087	518	20	0913	2	1.02	-0.29	0.62	-0.10	-3.16	1.50	0.85	248.59	252.66	0.54	0.50									
								66	109	42	89	67	102	73	92	82	60	69	102	35	110	150	149	62	123	64	115
4	518	22	0736	518	20	0913	2	0.18	-0.18	-0.19	0.54	-2.19	6.90	0.02	223.07	223.34	0.53	0.24									
								66	99	41	93	66	95	72	119	82	73	68	118	34	98	144	143	61	122	63	105
5	518	22	0775	518	20	0913	2	-0.02	-0.18	-0.04	0.31	-2.20	7.53	0.92	207.71	215.32	0.49	0.25									
								67	97	42	93	67	96	73	109	83	72	70	120	33	111	141	141	63	120	64	106
9	518	23	0256	518	20	0913	2	0.97	-0.11	0.77	0.32	-2.09	7.66	1.29	205.32	213.05	0.48	0.46									
								66	108	42	95	67	103	73	110	82	74	69	120	35	117	140	141	62	120	64	114
12	518	23	0190	518	20	0829	2	1.58	0.28	2.68	0.66	-1.73	3.07	0.36	206.16	198.70	0.42	0.24									
								66	116	42	107	67	118	73	123	82	79	70	106	35	103	140	138	63	117	65	106
14	518	23	0116	518	20	0913	1	0.21	0.02	0.29	-0.09	-2.64	-0.53	0.26	187.60	187.96	0.28	0.33									
								65	99	38	99	66	99	72	93	82	67	69	96	31	101	136	135	61	110	63	109

1ste Ram tot R300
518 20 913 – R340.36

VOERKRAALPROJEK IN HANOVER: WAARDEVOLLE INSIGTE EN TOEKOMS PLANNE

Deur Koos du Pisanie

Die Begin van 'n Onverwagse Ontdekking

Almal wil graag meer geld verdien, maar dit is dikwels moeilik om te bepaal waar verbetering gemaak kan word. Dikwels lê die oplossing reg voor jou, en deur 'n bietjie ekstra waarde by te voeg, kan nuwe geleenthede geopen word. Dit was een van die belangrikste gevolgtrekkings wat die skaapboere van die Hanover omgewing gemaak het.

Projek ontstaan as Fondsinsameling

Grant Naude meen dat die idee van 'n voerkraalprojek gekweek is as gevolg van 'n fondsinsamelingsprojek wat hy en Kleintjie Retief die vorige jaar bespreek het. "Die projek is soos 'n warrelwind georganiseer en daar is baie dinge wat ons volgende keer meer verfynd sal aanbied, maar ons het nie besef hoeverveel inligting ons uit hierdie projek gaan trek nie," sê Grant.

Kleintjie Retief was veral geïnteresseerd in die projek omdat hy voel dat produsente die kans moet kry om langer in die waardeketting betrokke te wees, wat die winsgewendheid kan verbeter. "Ek het baie gehoor 'n mens kan nie 'n Merino winsgewend voer nie. Ek voel hierdie stelling moet nie sommer net aanvaar word nie," sê Kleintjie.

Projekverloop en Resultate

Die projek het op 12 Januarie 2024 afgeskop met 37 produsente wat 56 groepe van vyf lammers elk ingeskryf het. Danie van Zyl (Tegniese Adviseur De Heus SA) het ondersteuning gebied as voedingskundige. Danie se kennis en insig tot voeding is verseker suksesvol aangewend en hy het 'n waardevolle bydrae gelewer.

Lammers van verskillende rasse het deelgeneem, insluitend Suiwer Merino's, Vleis Merino/Merino-kruisings, Dohne's, Dormer's, Dormer/Merino-kruisings, en Suffolk/Merino-kruisings.

Teen die einde van die projek het Danie van Zyl **verstommende resultate** aan die boere voorgelê, wat verskeie interessante gevolgtrekkings moontlik gemaak het. Een van die belangrikste bevindings was dat genetica minder invloed het op prestasie in die voerkraal as die "agtergrond" van die lam en die bestuurspraktyke wat toegepas word. Lammers wat kruipvoer ontvang het tussen geboorte en speen, het beter presteer.

Voeding: Sleutel tot Sukses

Alhoewel al die lammers op dieselfde voedingsprogram was, het die resultate groot variasies getoon. Hierdie variasies kan toegeskryf word aan die verskillende boerderypraktyke wat die boere toepas of nie toepas nie. In hierdie projek het kruipvoeding uitgestaan as die faktor wat lammers gehelp het om beter aan te pas en vinniger te groei in die voerkraalomgewing as die lammers wat nie kruipvoeding ontvang het nie.

Die voedingsprogram het die lammers ondersteun om vinniger te groei. Lammers wat reeds aan kruipvoer blootgestel was alvorens die proef, het beduidende 'n beter gewigstoename getoon gedurende die proef. Die groep wat die beste Gemiddeld Daaglikse Toename (GDT) gedurende die eerste 17 dae van die proef getoon het, het teen 367g per dag gegroei. Die groep wat die swakste GDT gedurende hierdie tyd getoon het, het daarenteen 165g per dag verloor. Hierdie massiewe variasie word toegeskryf aan verskillende boerdery praktyke soos vroeër genoem.



Die skaapboere van Hanover het vroeër vanjaar 'n voerkraalprojek aangepak wat aanvanklik as fondsinsameling vir die gemeenskap bedoel was. Tot hul verbasing het die projek egter waardevolle inligting opgelewer, wat hulle beplan om volgende jaar verder te vat. Die projek is onder leiding van Grant Naude, president van Merino SA, saam met Kleintjie Retief, beide suksesvolle Merino boere en Danie van Zyl, tegniese adviseur by De Heus gekoördineer. Boere, wat die operasionele gedeelte van die projek hanteer het, sluit Hubert Ferreira en Ian Steenkamp in.

Voedingsprogram vir lammers

Periode	Doel	Rantsoen
Dag 1 tot 7	Aanpassing	De Heus RumiComplete Feedlot Starter
Dag 8 tot 28	Groei	De Heus RumiComplete Lamb Booster
Dag 29 tot 55	Zilmax	De Heus RumiComplete Prima Lam
Dag 56 tot 58	Onttrekking	De Heus RumiComplete Lamb Booster

Tabel 1: Voedingsprogram vir lammers

(Produk Registrasie nommer op aanvraag beskikbaar)

Vir die voerkraalprojek is 'n Zilmax gebaseerde rantsoen ook ingesluit by name **RumiComplete Prima Lam**, wat spesifiek ontwikkel is om vetneerlegging te beperk en eerder spierbou te bevorder. Lammers is vier keer geweeg om hul groei en gewigstoename te monitor deur die verloop van die proef met 'n totale voer periode van 58 dae.

Die gemiddelde aanvangsgewig van die lammers was 32,56kg en die gemiddelde eindgewig, nadat die lammers 58 dae





De Heus is toegewyd aan die bevordering van skaapboerdery in Suid-Afrika deur middel van pasgemaakte voedingsoplossings en kundige leiding wat produktiwiteit en dieregesondheid bevorder. Met 'n begrip van die unieke uitdagings van verskeie klimate, benut ons plaaslike boerderypraktyke en prioritiseer ons skape se voedingsbehoefte in elke groeistadium. De Heus ondersteun ook boere met plaasbestuursstrategieë wat doeltreffendheid en volhoubaarheid verbeter, en deel insigte oor voeroptimalisering en dieregesondheidsmonitering. Ons proaktiewe en entrepreneuriese herkouerspesialiste is voortdurend op soek na verbeteringe en 'n hoër opbrengs vir elke plaas. Met 'n plaasbenadering, 'n omvattende reeks voer en dienste, en praktiese konsepte, verseker De Heus dat boere die regte advies ontvang, die beste resultate behaal en hul plaaswingsgewendheid maksimeer.

RumiComplete Feedlot Starter

RumiComplete Feedlot Starter is 'n volledige aanvangsrantsoen vir voerkraaldiere. Geen aanpassingsperiode is nodig voordat hierdie produk gebruik word nie, maar dit is raadsaam om diere wat gereis het te voer.

- ✓ Nul tot volledige aanpassingsrantsoen
- ✓ Groei doeltreffend terwyl die diere aanpas
- ✓ Verseker 'n gesonde rumen vir intensiewe stelsels



Produk registrasie nommer: V30575

RumiComplete Lamb Booster

RumiComplete Lamb Booster is 'n volledige voer wat gebruik word om klein en ondergewig lammers in 'n vol voer-/nulweidingsituasie te laat groei.

- ✓ Groeirantsoen vir vroeë speenlammers
- ✓ Kan gebruik word om lammers af te rond en in kombinasie met beta-agoniste
- ✓ Kan vanaf 5 weke oud as kruipvoer gebruik word



Produk registrasie nommer: V30576

Kontak asseblief De Heus Tegniese Adviseurs vir jou pasgemaakte skaapprogram en advies.

www.deheus.co.za | 031 785 1575 | infos@deheus.com



lank gevoer is, was 46,66kg. Die lammers is ongeveer 3 weke na inname geskeer, waartydens gemiddeld 1,3kg se wol van die lammers afgeskeer is. Die lammers het gemiddeld 85,84kg voer gevreet en het gemiddeld 48,31% uitslag om by 'n gemiddelde koue karkas gewig van 22,54kg uit te kom.

Parameter	Gemiddelde Waarde per Lam
Begingewig	32,56kg
Eindgewig	46,66kg
Dae Gevoer	58 dae
Vaggewig	1,3kg
GDT	0,265kg
Voerinname per lam per dag	1,48kg
% Inname van Liggaamsmassa	3,74%
Voeromset Verhouding	5,58 : 1
Koue Karkas Gewig	22,54kg
Uitslagpersentasie	48,31%

Tabel 2: Produksieparameters vir lammers: Gemiddelde waardes per lam

Ekonomiese waardes: Wat dit vir boere beteken

Om hierdie projek in finansiële terme uiteen te sit, verduidelik Danie dat die finansiële impak van die projek duidelik was. Die gemiddelde aanvangswaarde van die lammers was R1 198,02, en na 58 dae het die karkas inkomste per lam R1 893,36 beloop. Dit het gelei tot 'n marge bo voerkoste van R267,45 per lam, wat aantoon dat boere meer per lam verdien het as wat hulle sou as die lammers as speenlammers aan 'n voerkraal verkoop was. Danie beklemtoon dat alle faktore – water, voerrantsoene en skaduwee – presies dieselfde was vir al die lammers, wat die vergelykings betroubaar maak.

Parameter	Gemiddelde Waarde per Lam	Verduideliking
Beginwaarde	R1 198,02	32,56kg x R36,79
Voerkoste	R591,44	85,84kg x R6,89
Wol Inkomste	R163,55	1,3kg x 73,53% x R171,10
Karkas Inkomste	R1 893,36	22,54kg x R84
Marge bo Voerkoste	R267,45	R1 893,36 + R163,55 – R591,44 – R1 198,02

Tabel 3: Ekonomiese parameters vir lamproduksie

Die Belangrikheid van Kruipvoer

Kleintjie Retief beklemtoon dat die grootste les wat hulle geleer het, is dat die lammers wat die beste presteer het, dié was wat vroeër aan kruipvoer blootgestel is.

“Toe hulle in die voerkraal kom was hulle nie skrikkerig vir die voerbakke nie en het hulle vinnig aangepas en geweet waar die kos is. Hulle het nie veel stres getoon nie, terwyl die wat nie gewoon was aan kruipvoer nie, eenkant gestaan het en wou nie vreet nie” verduidelik Kleintjie.

Die verskil in marge bo voerkoste tussen lammers wat wel kruipvoer ontvang het en dié wat dit nie ontvang het nie, was R91,19 per lam, wat dui op 'n 37,7% hoër marge vir lammers wat van vroeg af aan kruipvoer blootgestel is.

Die waarde van wol

Grant voeg by dat hulle die waarde van die wol van die lammers bepaal het in die projek. Gedurende die projek is die lammers een keer geskeer, en die gemiddelde vaggewig was 1,3kg. Die groep met die laagste gemiddelde vaggewig was 740g (nie-suiwer Merino's), terwyl die groep met die hoogste gemiddelde vaggewig 1,83kg (suiwer Merino's) was. Die "Every Fleece Tested" metode is gebruik, waar daar 'n monster van elke vag geneem en gemeet is om die wol waarde te bepaal. Die Merino-lammers het gemiddeld 1,36 kg wol gelewer met 'n inkomste van R176,55 per lam. Kruisras-lammers het gemiddeld 809g wol gelewer, met 'n inkomste van R92,39 per lam

“Wanneer jy daardie ekstra inkomste van 'n Merino lam byreken help dit aansienlik om jou wins in die kraal te verbeter” verduidelik Grant.

Lesse wat geleer is

Kleintjie deel dat een van die belangrikste lesse was om kruipvoer van vroeg af beskikbaar te stel vir jou lammers. Voerkrale verkies lammers wat reeds aan kruipvoer gewoon is en ontvang het, en die finansiële voordele is duidelik wanneer jy jou lammers self kan voer tot en met slaggewig. *“Baie boere sal vir jou sê die koste van die voer wat jy moet aankoop, kanselleer die beter prys wat jy vir die lam gaan kry uit, maar as jy die som maak, sal die wins tog groter wees as jy jou diere vir 'n rukkie kon voer en 'n groter karkas kan verkoop”* sê hy.

Goeie seleksie is ook 'n belangrike les vir skaapboere. Jou klient is die voerkraal en die abattoir, en die produk wat hulle van die teler koop, moet van hoë gehalte wees. Om afskeep lammers aan te bied, sal jou nie finansiële voordele bring nie. Met goeie seleksie kan jy top kwaliteit lammers aanbied, en hierdie tipe produk kan vir jou 'n premie verseker.

“Ons selekteer al hoe meer vir 'n vroeë ryp skaap omdat sy vir jou op die lang termyn meer geld inbring” is Kleintjie se mening.

Daar is egter nadele, byvoorbeeld dat 'n boer bereid moet wees om twee tot drie maande langer te wag voordat sy lammers markgereed is en hy 'n inkomste kry.

Gevolgtrekking en Toekomstige Planne

Vir die skaapboere van Hanover is hierdie projek net die begin; hulle beplan verdere projekte om die winsgewendheid van rooivleisproduksie te verbeter deur die regte voorbereidings- en seleksiepraktyke te volg.

Tot dusver wys die projek dat Merino-lammers, mits met die regte voorbereiding, in voerkraalomstandighede nie vir enige ander ras hoef terug te staan nie. Lammers wat swak voorbereid was, het swak presteer, ongeag die ras, terwyl dié wat goed voorbereid was, ongeag die ras, uitstekend gevaar het.

Artikel met vergunning van





"For generations to come"



**240
Rams**

Breeders:

Kleintjie Retief
082 9444 492

Willem Retief
082 9447 167

Johannes Retief
082 3851 821


DATES & OFFERS:

7 February 2025 (Friday)

120 Rams
±500 Selected Ewes

22 August 2025 (Friday)

120 Rams
±500 Selected Ewes



Gordonsfontein, Hanover

TEGNOLOGIE MERINO-BOER SE PASSIE

Deur Hugo Lochner

Dirkie Uys van die Komarsekraal-landgoed naby Bredasdorp is vanjaar as SA Stamboek en Standard Bank se Unieke Presteerder van die Jaar aangewys vir die rol wat hy in die Merinobedryf en ook by SA Stamboek speel wat betref prestasie-meting en die insameling van data.


Uys se Komarsekraal Merino-stoet is jaar na jaar onder SA Stamboek se top Elite-kleinveekuddes en SA Stamboek beskou hom as 'n innoverende denker wat uitdagings raaksien, slim planne maak en dit tot voordeel van die bedryf aanwend.

Hy sê Komarsekraal was een van die eerste boerderye in Suid-Afrika wat met diere-aantekening begin het toe sy pa in die sewentigs daarmee begin het. In die tyd het Suid-Afrikaanse boere gesukkel met swak gehalte metaal-oorplaatjies wat uit Australië ingevoer is en het sy pa begin om metaal-oorplaatjies op die plaas te vervaardig en plaaslik beskikbaar te stel. Die klein vervaardigingsaanleg het terselfdertyd vir plaaswerkers se vroue werk geskep.

Toe Uys in 1995 saam met sy pa begin boer het, is die vervaardiging van die oorplaatjies uitgebrei. Selfs toe elektroniese diere-identifikasie in sy kinderskoene was, het hy toetse begin doen en die tegnologie om die plaatjies elektronies te lees, tot 'n mate vooruitgehoop.

Die gebruik van betroubare plastiekplaatjies, hetsy vir sigbare lees of elektroniese gebruik, was die volgende stap en het hy saam met twee vennote 'n fabriek

vir hierdie doel gekoop en daar word nou onder meer RFID-oorplaatjies, QR-kodes (oorplaatjies) en aluminium oorplaatjies in die fabriek op die plaas gemaak. Selfs skouhoenders en duive dra nou van Komarsekraal se QR-kode-plastiekringe om hul pote.



Diere-aantekening kom 'n lang pad

Uys sê toe sy pa met diere-aantekening begin het, is gewone prestasietoetsing gedoen en is eienskappe soos geboortedatum, speen-, liggaams- en wolgewig aangeteken. "Die Kleinveeverbeteringsinstituut het van 1993 die prosesse verfyn en die formules verbeter en van 1995 het ons ook BLUP begin doen," sê Uys.

Sedert 1995 was die groot merkers in diere-aantekening die implementering van reproduksie in 2003, 'n teelwaarde gekoppel aan stapellengte 'n paar jaar later, wat 'n baie groot voordeel in die ses-maande-skeersels was, en daarna in 2011 toe meer telers met goeie data begin deelneem het wat die verwysingspopulasie meer akkuraat gemaak het.

"Min of meer dieselfde tyd is die SM2000-model in werking gestel. Daarna is begin om kondisietelling te meet wat vorentoe 'n groot rol gaan speel om 'n optimale paringsgewig te kry en ook die diere se paringsgereedheid van die kondisietelling af te lei. Hoewel kondisietelling-data al minstens vyf jaar oud is, is die eienskap se teelwaardes nog in sy kinderskoene en begin dit nou eers beskikbaar word."

Genomika was die laaste metingstegnologie wat ingekom het. Die toepassing van genomika het ook ongeveer in 2018 begin, maar is 'n baie ingewikkelder tegnologie. Hoewel genomika ook nog in sy kinderskoene is, kan sekere afleidings al gemaak word en kan reproduksie byvoorbeeld 11% akkuraat voorspel word, wat wesenlik is.

Kuddeboer kan ook data insamel

Wat data-insamelingstegnologie betref, is elektroniese identifikasie (RFID's) en ook QR-kodes nou in Suid-Afrika gevestig. Met data-insameling is daar twee komponente. Die een



Die masjien wat gebruik word om die plastiek-oorplaatjies te maak.



Die masjien word gebruik om aluminium oorplaatjies te maak.



KomTAG

KEN JOU DIERE
KNOW YOUR ANIMALS



WHATSAPP

KOMTAG
072 111 4012

EMAIL

sales@komtag.com

KORINGLAND MERINO

765


47^{ste} Produksie Veiling - 20 AUGUSTUS 2025

kwaliteit genetika met blup syfers

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

JAN DE VILLIERS 073 415 7754
HENNIE DE VILLIERS 060 367 1308
SIMON MATTHYSEN 082 312 1036
JAN HUGO 082 771 5848





Die verskillende tipes oorplaatjies wat op Komarsekraal gemaak word.

is die kommunikasie tussen die 'oorplaatjie' (tag) en jou datalesers (data loggers) en die ander is die integrasie van die opgeneemde data na die dataverwerkingstelsels toe, sê Uys.

“Die integriteit van data is baie belangrik by prestasietoetsing. Jy kan nie goeie besluite met swak data neem nie. Enige produsent moet goeie data gebruik. Gelukkig is die tegnologie nou beskikbaar om die geloofwaardige data in te samel.”

Die ontwikkeling van QR-kodes was 'n groot deurbraak vir prestasie-meting, aangesien dit goedkoop tegnologie is, maklik leesbaar is en waardevolle inligting bevat. Omdat 'n QR-kode goedkoop is, is dit nou ook vir die kuddeboer moontlik om groot hoeveelhede data beskikbaar in te samel. 'n QR-kode (oorplaatjie) kos R2,40 en die dataleser wat nodig is om die QR-kode te lees, kos ongeveer R4 000. Daarteen kos die RFID's R15 tot R20 (BTW uitgesluit) per 'oorplaatjie', en die dataleser vir die RFID R21 000.

Uys sê die RFID is meer robuust, maar die QR-kode kan presies dieselfde inligting insamel. “Die voordeel van die QR-kode is sy bekostigbaarheid. As jy 'n boerdery met 3 000 ooeie as voorbeeld neem, sal dit met QR-kodes ongeveer R12 000 kos om die inligting in te samel, terwyl dieselfde inligting met RFID's ongeveer R100 000 sal kos.”

Die skoolgeld is reeds betaal

Die voordeel vir produsente wat data van hul diere wil begin insamel, is dat die wolmakelaars goeie diensverskaffingstelsels het. Die produsent kan dus sy wolmakelaar kontak om leiding te kry in aspekte soos watter data ingesamel moet word en wat die protokolle is. Hy hoef nie te raai nie, die skoolgeld is reeds deur ander betaal.

Daarna moet die produsent oorplaatjies en datalesers (RFID's of QR-kodes) kies. Die diensverskaffers het ook programme en prosedures geskryf wat die ingesamelde inligting outomaties integreer met die dataverwerkers, soos SA Stamboek. Die produsent kry die data sinvol terug in 'n verslag.

Dit is belangrik dat die stoetteler of die kuddeboer wat die data begin insamel, 'n teeldoelwit moet hê. “Jy moet 'n bepaalde plan hê om die data toe te pas om te verbeter. Jy begin by 'n bepaalde punt en verbeter na wat jou doelwit is.”

Graan en vee in harmonie

Hoewel die ontwikkeling en gebruik van tegnologie sy passie is, plaas hy in sy boerdery steeds baie klem op hand-enoog-seleksie. “Jy begin met 'n hulpbron en eindig by die eindprodukt en kan deur die toepassing van tegnologie, wat eintlik verwerkte inligting is, bepaal hoe jy optimale wins uit die hulpbron kan maak.”

Uys bedryf 'n gemengde boerdery van kleingraan en kleinvee. Die graanvertakking, waar hy ten volle bewaringsbewerking toepas, maak 70% van die boerdery se omset uit. Hy boer ook in 'n maatskappy saam met sy bure op 'n plaas wat hulle saam gekoop het en waarop hulle 'n voerkraal bedryf. In totaal bestuur hy 4 500 diere, waarvan 40% sy eie is.

Kommarsekraal se Merino-stoetery het 700 ooeie. In sy tweede kudde, wat almal ooeie is wat uit die stoetery kom, gebruik hy

Dormerramme. Die lammers in die tweede kudde word almal bemark.

Versnelde paringstelsel

Sy eie stoetery is op 'n nege maandeparingstelsel, terwyl sy tweede kudde en die ooeie in die maatskappy-boerdery op 'n versnelde paringstelsel is. Met die bestuurstelsel bemark hy 140 tot 150% lammers per ooi per jaar.

By die versnelde paringstelsel bepaal die ooeie se kondisie en die omgewingsomstandighede hoe gou die ooi weer gepaar word. Die ooi moet ten minste binne 'n agt maande paarstelsel wees, maar as die omstandighede gunstig is, kan die ooi na ses maande gepaar word. Daar is dus nie 'n spesifieke lamtyd nie.

Om binne ses maande weer te paar, word die lammers vroeër gespeen en as die ooi se kondisie begin afgaan, kry sy deurvloei-eiwitte en binne die herstellfase word sy vir 'n maand gepaar. Om dit te kan doen, moet daar goeie weiding vir die ooi wees en die boerdery moet genoeg voergars hê om die lammers wat vroeg gespeen is, in 'n voerkraal af te rond, sê Uys.

Vir meer inligting, skakel

*Dirkie Uys by 082 413 0580,
of epos duys@yebomail.co.za.*

Artikel met vergunning van

Veeplaas
Ons styl vir die boer



STOET NR: 492
SEDERT: 1933

“DEURSTAAN DIE TOETS VAN TYD”

PRODUKSIE VEILING:
Dinsdag, 9 September 2025, te Calvinia



BERTIE VISAGIE

Sel: 071 911 6196

e-mail: paardekraal@hantam.co.za

ANDRE HUGO

Sel: 082 596 1746

e-mail: andre.daleen@gmail.com

KORTWOL AFDELING



Ooi: Lig

Kenny Crampton van Voermol, Eduard Prinsloo van Heuningkrans Merino's, Smithfield en Zane Phomane.



Ooi: Middel

Gerhard van As van Molatek, Jannie Alexander van Link Merino's, Trompsburg en Isak Booysen.



Ooi: Swaar (onder 68 kg)

ABSA borg die klas, Henton Minnaar van BKB, Abrie en Wilna Marx van Brandfort en Hendrik Thetha.



Ram: Lig

Pierre Vlok en Piet Venter van BKB, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Bongzi Onyela.



Ram: Middel

Pierre Vlok van BKB, Jaco Potgieter van Groep3, Graaff-Reinet en David Brouwers.



Ram: Swaar (onder 104 kg)

Leon de Klerk van Voermol, Theroux Kemp van Perdegrasvlei, Frazerburg en Thys April.

VIER TAND



PRODUKSIEVEILING
18 FEB 2025
Smithfield



Theron Swanepoel
072 1177 766

Thian Swanepoel
072 2668 550



IZAK NEL
&
SEUNS

Izak Nel 082 559 7765
Andries Nel 072 109 4930
GB Nel 082 789 7715



VEILINGSDATUMS:

● 28 JANUARIE 2025 TE LETSATSIGAME LODGE, SMITHFIELD ● 7 MAART 2025 TE FRANKFORT

So lyk hulle ... So teel hulle

LANG WOL AFDELING



Ooilam: Lig

Dieter Schutte van BKB, Frans en Jannie Alexander van Link Merino's, Trompsburg en Andries Motouli.



Ooilam: Middel

ABSA borg die klas, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Siphon Ngcongco.



Ooilam: Swaar (onder 60 kg)

Leon de Klerk van Voermol, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Thembela Sigonela.



Ramlam: Lig

Frans Hugo van OVK, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Siphon Ngcongco.



Ramlam: Middel

Espee Olivier van Molatek, Roelo van Heerden van Murraysbug en Marius Williams.



Ramlam: Swaar (onder 70 kg)

Espee Olivier van Molatek, Kleintjie Retief, Stephan Louw en Willem Retief, almal van Geelbek Retief, Hanover en Andy.

GESKEER OF ONESKEERDE LAMMERS

Goedeverwachting

Est. 1929

Mervins &



SWARTLAND SKOU 2024



RAM
VEILING
18 JULIE
2025

RAM VEILING HOOGSTE PRYS - GOEDGELEË BOERDERY - PROTÉM

UYS WILLEMSE 082 787 5831
HUMAN WILLEMSE 082 848 4119

LANG WOL AFDELING



Ooi: Lig

Johannes van Rooyen van Zoetis, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Bongji Onyela.



Ooi: Middel

Alheit du Toit van Feedtek, Piet Louw van Link Merino's, Jagersfontein en Roelf Booysen.



Ooi: Swaar (onder 70 kg)

Jacques le Roux van OVK, Roelo van Heerden, Murraysburg en Danie Hoffman.



Ram: Lig

Virbac borg die klas. Willie van Heerden van Merino SA, Stefan Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Sebastiaan Erasmus.



Ram: Middel

Cheri Fourie van BKB, Stefan en Marié Naudé van Geelbek Elite, Hanover en Bongji Onyela.



Ram: Swaar (onder 96 kg)

Leon de Klerk van Voermol, Jarrod, Melissa en Grant Naudé van Nitique Boerdery, Hanover en Vernon Alsander.


TWEE TAND

HOOGSTEDDE MERINO'S

STOETNOMMER 968

*Veiling: Donderdag, 23 Januarie 2025. Tyd: 12:00.
Plaas Hoogstede, Klein Mostertshoek,
Tarkastad, Oos-Kaap*

Koördinate: 31°54'04"S 26°08'37" E



I.P. VAN HEERDEN
Hoogstede, Tarkastad, 5370

Tel: 045 846 9451, 082 856 1885

LANG WOL AFDELING



Ooi: Lig

Jacques le Roux van OVK, Jannie Alexander van Link Merino's, Trompsburg en Mojalefa Maarman.



Ooi: Middel

Pierre Vlok van BKB, Piet Louw van Link Merino's, Jagersfontein en Willem Mei.



Ooi: Swaar (onder 70 kg)

Eben Myburgh van ABSA, Reinhardt en Reinhardt Kock van Preiss&Kock, Hanover en Collin Dods.



Ram: Lig

Komtag borg die klas. Pierre Vlok namens Dirkie Uys, Piet Louw van Link Merino's, Jagersfontein en Enoch Tshoene.



Ram: Middel

Eben Myburgh van ABSA, Stephan Louw, Willem en Kleintjie Retief almal van Geelbek Retief, Hanover en Boy Massop.



Ram: Swaar (onder 106 kg)

Stephan Louw en Willem Retief van Geelbek Retief, Hanover, Pierre Vlok van BKB, Kleintjie Retief ook van Geelbek Retief en Andy Booysen.

VIER TAND

ESTD.



2021

NU POLL MERINO



24 JANUARIE 2025

| 11H00 | MIDDELBURG (EC) GOLFKLUB

AANBOD: • 60 Poenskop Merino Ramme
• 300 Merino Ooie

NAVRAE: DANIE LOMBARD (BKB)
KOBUS PIETERSE (BKB)
TINUS DU PLESSIS (TELER)
AFSLAER: JP MARAIS (BKB)

082 463 8822
082 774 7885
082 772 3221
060 551 6537



MAKSI AFDELING / KORT EN LANG WOL



Ooilam

Livetrack SA borg die klas, Henri Naudé van BKB, Peet en Patricia Naudé die eienaars en Mrena Fufu.



Ramlam

Herman Matthee van Feedtek, Reinhardt Kock van Preiss&Kock, Hanover en Piet Baartman.



Ooi

Giepie Caldo van BKB, Theroux Kemp van Perdegrasvlei, Frazerburg en Hilton van der Merwe.



Ram

Virbac borg die klas. Willem Retief, Willie van Heerden van Merino SA, Kleintjie Retief van Geelbek Retief, Hanover en Kirsten Visagie.

FAMILIE TYD!



Die Labuscaghne's met hul Kampioen Ramlam!



RP Bekker met sy Kampioen Ramlam is goed ondersteun!

GESKEER OF ONGESKEER



BKB MERINO CLASSIC BEAMPTES



BKB MERINO CLASSIC INWEEG EN TOESKOUERS



Namens MERINO SA, groot WAARDERING en DANKIE aan die volgende persone:

John Melville (Voorsitter en kraal-indeling), Mike van den Berg (Alle etes en uitstaf van borge), Dirco Bezuidenhout (Vertoners ontvang), Elmarié Prinsloo en Monique Steyn (Bloemskou), Willem Olivier en Arno van Graan (Klas indeling en uitslae), Arno Ferreira (Aankondiger en seremoniemeester), Corné Nel en Jaco Saaiam (Hoof ringbeamptes), Bosch Steyn (Vertoner registrasies), Tania Pelser (Fotograaf), Giepie Caldo (Hulp met skole vashouers). Weereens dankie aan elke ringbeampte (Inweeg en skouringe), vashouers en vertoners.



BKB MERINO CLASSIC DINEE




DIE DATA PRAAT HARD! DSS

Hoe meer data ons elke jaar versamel en verwerk, hoe meer waardevolle insigte kan ons met julle deel.

"Information is the oil of the 21st century, and analytics is the combustion engine." – Peter Sondergaard


Die belangrikste bevindings wat ons die afgelope 3 jaar uit die DSS-kuddes onttrek het, sluit in:

- Inkomsteverskil tussen top 20% en onderste 20% ooi: R1500 verskil in inkomste wat behaal word uit wol en reproduksie (Grafiek 1).




Grafiek 1: Inkomsteverskil tussen die 5 groepe

- Korrelasie tussen vaggewig en veseldikte: Die verhouding is nie so sterk nie – wat beteken dat daar nie 'n groot verlies in kilogramme is wanneer jy vaggewig optimaliseer nie (Grafiek 2).




Grafiek 2: Vaggewig vs veseldikte

- Grootte van die diere: Die grootste en swaarste diere in die kudde skeer nie die meeste wol nie en speen ook nie die swaarste lammers nie. Dit wys dat elke plaas sy eie ideale ooi gewig het vir optimale produksie (Grafiek 3).



Grafiek 3: Speengewig op 100 kg vs ooi paar gewig

- Verskil tussen top 20% lammers en onderste 20% lammers: Die verskil is groter as wat aanvanklik verwag is (Grafiek 4).



Grafiek 4: Verskil tussen top eenlinge of tweeling en onderste eenlinge of tweeling

Wat ons uit hierdie data kan aflei, is dat wanneer 'n X-persent van jou diere optimaal produseer, jy die potensiaal het om jou produksie te verhoog. Hierdie insigte toon wat binne elkeen se spesifieke omstandighede moontlik is. Hierdie beginsel geld vir elke produksiekriteria wat ons ondersoek, sowel as die gekombineerde effekte van produksie.

Die volgende vraag is: Hoe gaan ons daar kom? Weet jy waar jy tans staan?

Met die toenemende presisie van die data wat ons beskikbaar het, is dit nie net moontlik om besluite te neem nie, maar ook om dié besluite met groter sekerheid te maak. En wanneer die besluite geneem is, kan ons aanhou om data te versamel en te analiseer. Dit gee ons direkte terugvoer oor die impak van ons keuses. Die era van raaiwerk is verby; ons kan nou presies sien wat die effek van 'n besluit is. Die sirkel is dus voltooi. Die "ripple effect" van data wat al hoe makliker versamel word, is enorm. Dit herinner ons aan die Flywheeler effect – elke aksie lei tot die volgende en bring nog meer inligting wat besluite kan versterk.

Gemiddeldes is nie genoeg nie:

'n Ander belangrike aspek van data is dat dit die "gemiddeldes" in flenters skeur. 'n Gemiddeld kan baie inligting weglos. As die dam gemiddeld 3 meter diep is, weet jy nie waar die dam vlak of diep is nie. Ons kan nie meer net met gemiddeldes werk nie. Ons moet kyk na die potensiaal en beplan hoe ons daartoe gaan beweeg.

Elke boer se scenario sal verskil, en daarom moet die data vir elkeen spesifiek toegepas word. 'n Ander voorbeeld: Wanneer 'n dak reg op gesit word, is twee mure van gelyke hoogte nodig om die dak reg te hou. As een muur laer is as die ander, sal die dak skeef wees. Dit geld ook vir die seleksie van ramme en ooi: Net soos ons streng ramme kies, moet ons ook data gebruik om ons ooi te selekteer vir paring.

Deur die data wat versamel en geanaliseer word, kry jy as produsent 'n "screenshot" van jou diere se prestasie. DSS, as een van die gereedskap stukke in jou boer-toolbox, stel jou in staat om nie net te besluit hoe jy jou diere gaan bestuur nie, maar ook om die impak van jou besluite die volgende jaar te monitor en te evalueer.

Ek sien met opgewondenheid uit na die pad vorentoe. Die moontlikhede wat die data bied, is opwindend. Die potensiaal om te groei is daar. Die data praat hard, en ons luister!

Hannelet Jordaan
 Veekundige, BKB
 Hannelet.jordaan@bkb.co.za

- ✔ LIVESTOCK HANDLING
- ✔ WEIGHING & MANAGEMENT
- ✔ IDENTIFICATION
- ✔ HUSBANDRY & WELFARE
- ✔ FEEDING & DRINKING
- ✔ SHEARING & CLIPPING
- ✔ HEALTH & HYGIENE



LIVETRACKSA
KNOW WHAT YOU'VE GOT

VIDEOREEKS GROOT TREFFER BY PRODUSENTE

deur Francois Seymore, Redakteur OVK NUUS/NEWS
079 780 4618 / ovknuus@ovk.co.za

Die veranderinge in die klimaat asook verwagtinge wat in die mark geskep word deur verbruikers wat meer omgewingsvriendelike boerderypraktyke vereis, plaas boere onder druk om hul natuurlike hulpbronne meer effektief te bestuur om volhoubaar te bly. Dit is om hierdie rede dat OVK 'n 12-episode videoreeks oor die afgelope paar maande vervaardig het om herlewingslandbou op 'n doeltreffende en verstaanbare wyse aan rolspelers in die landbou oor te dra.

Die episodes is vanaf Gqeberha tot in die middel van die Karoo by Graaff-Reinet, Middelburg en Richmond opgeneem, asook in Bloemfontein. Die doel van die videoreeks is om dit beskikbaar stel aan landbouskole, landboukolleges en boereverenigings, asook die boer self wat op 'n geskikte tyd daarna kan kyk. Die video's is in Engels opgeneem met 'n addisionele Afrikaanse vertaling om dit vir almal maklik te maak om die reeks en inhoud te volg.

Jo-Anne Bester is OVK se deskundige op die gebied van herlewingslandbou. Sy is die aanbieder van die reeks wat in Gqeberha begin het, waar sy met Jacques le Roux, OVK Hoofbestuurder Vesel, in Episode 1 gesels het oor die markvereistes. Hulle gesels oor wetgewing in die EU en Nieu-Seeland wat druk op die suiwel- en mode-industrieë plaas rakende die verkryging van hul produkte. Jacques verduidelik dat daar 'n nuwe denkwysie vir landbou wêreldwyd is om 'n positiewe impak op die planeet as geheel te maak.

Hy glo dat boere wat aan 'n herlewingskema deelneem, vergoed sal word deur die klassifikasie van 'n sogenaamde voorkeurvesel wat volgens statistieke teen 2030 in hoë aanvraag en lae lewering sal wees, en hulle sal ook voordeel trek uit verbeterde produksie. Hy is ook van mening dat boere wat nie aan 'n soortgelyke skema deelneem nie, oor die lang termyn beperkte toegang tot die markte gaan kry en hulself daardeur sal benadeel.

In Episode 2 gesels Jo-Anne met Roland Kroon op sy plaas Excelsior in die Graaff-Reinet-omgewing. Hy is 'n deskundige op die gebied van herlewingslandbou en verduidelik die konsep, wat volgens hom op vier sleutelbeginsels berus. Die eerste beginsel is die konsep van holisme wat impliseer dat alles onderling verbind is. Die tweede beginsel is broosheid wat eintlik net verwys na die reënneerslag wat per jaar ontvang word. Die derde beginsel is dierebestuur in brose omgewings omdat dit die rol van diere-



Francois Seymore

beweging is om koolstof te sirkuleer. Die vierde beginsel is tydbeheer en die bestuur van diere se weityd om oorbeweiding te voorkom.

Roland verduidelik voorts in Episode 3 die Ekosisteem en die vier prosesse wat in die ekologie bestaan. Dit is die watersiklus, mineralesiklus, energievloei en gemeenskapsdinamika. Die watersiklus is hoe ons reënval kry en wat ons daarmee doen. "Reënval en sonlig is gratis en die uiteindelijke resultaat bepaal of ons koste toegevoeg het of nie." In Suid-Afrika word slegs 13% van die reënval doeltreffend benut.

Die mineralesiklus verwys na hoe die minerale in die ekosisteem funksioneer. "Elemente van belang is die wortelsone, die dak van blare, die val van blare, plante op die grond en mikro-organismes wat daartoe toegang het, wat almal belangrike komponente van die koolstofsiklus uitmaak.

Die derde sleutelproses is die energiesiklus of energievloei. Elke oggend kom die son op en die enigste manier waarop ons daardie energie kan benut, is deur groeiende blare. Die fotosintetiese proses is die enigste meganisme om energie vas te vang om lewe op die planeet te voed.

Die vierde ekoproses is gemeenskapsdinamika. "Wanneer ons met plante of diere of biodiversiteit werk, hanteer ons die volle kompleksiteit, waarvan mense deel is. As ons die mens buite rekening laat, wie gaan vir die ekoproses betaal en wie gaan dit bestuur?"

In Episode 4 besoek ons Jo-Anne Bester se familieplaas Leopardsvlei naby Richmond in die Noord-Kaap om die ekosisteem in die praktyk te sien funksioneer. Sy bespreek



graan | handel | kliëntefinansiering | lewendehawe | logistiek |
lojaliteitskema | meganisasie | motors | versekering | wol & bokhaar

een Verbinding

Eindelose Potensiaal



Jou behoeftes in een maatskappy.
Elke dag vir die toegewyde boer.



VIR NAVRAE, KONTAK GERUS:

HOOFKANTOOR: Ladybrand 051 923 4500

KLANTEDIENS: 051 923 4598 / klantediens@ovk.co.za



www.ovk.co.za

prakties in die veld alles wat Roland Kroon in die vorige twee episodes beskryf en verduidelik het.

Ons besoek Roland weer in Graaff-Reinet vir sy laaste insette oor die holisme en herlewingslandbou in Episode 5. Hy bespreek die bestuurselemente wat tot die boer se beskikking is om die ekosisteem op sy grond te verbeter:

Tegnologie is een van elemente, maar Roland waarsku dat boere soms oorgretig is om tegnologie te gebruik. Ons moet egter versigtig wees hoe ons dit gebruik om nie die grond jaarliks kunsmatig te moet bewerk nie. Die tweede element is brande wat

verskillende impakte op nie-brose tot brose omgewings het. Die langtermyngevolge van gereelde brande kan 'n negatiewe effek hê en moet met oorleg gebruik word.

“Nie-versteuring is 'n verdere element – daar is gedeeltelike en totale nie-versteuring. Gedeeltelike nie-versteuring is lae dieergetalle vir lang periodes. Totale nie-versteuring is om diere heeltemal te verwyder.”

Die laaste element is lewendige organismes, wat verdeel kan word in dierlike impak en beweiding. Die twee verskil totaal en dierlike impak is wat gebruik word om koolstof te sirkuleer deur die grond te versteur, ou plantmateriaal af te breek en mis en urine neer te laat. Beweiding is wat diere doen om hulself te voed.

Ons gaan kuier in episodes 7, 8 & 9 by veeboer David McEwan op sy plaas Fairland buite Middelburg waar hy verduidelik hoe hy 'n herlewingsstelsel van nuuts af opgebou het met die minimum finansiering. Hy verwys na sy water- en omheiningstelsels wat volgens hom noodsaaklik is om die ekosisteem te bestuur. Hy span ook sonkrag in om met elektriese heinings kleiner kampe te skep om hoëdrukbeveiding met beeste en skape toe te pas.

Die finansiële impak en implikasies van herlewingslandbou word in episode 10 deur Jo-Anne Bester tydens die Merino Classic Nasionale Kampioenskap by die Bloemskou bespreek. Boerdery is beide 'n leefstylkeuse en 'n sakeonderneming en om daardie rede moet die boerderypraktiek winsgewend wees. Boerdery het uitdagings soos ongereelde kontantvloei teenoor uitgawes wat maandeliks betaal moet word. Die pryse van wol en rooivleis plaas boere reeds 'n geruime tyd onder druk terwyl insetkoste aanhou styg.

Daar is 'n kapitale uitgawe verbonde aan die implementering van herlewingslandbou, maar die potensiele voordele oor die medium en lang termyn is baie groot. Die implementering behels dat die diere met minder aanvullings gevoer moet word, wat produksie verhoog terwyl insetkoste verminder. Infrastruktuur soos elektriese omheining, pyplyne en reservoires is noodsaaklik vir optimale beweiding. Dit verseker effektiewe waterverspreiding om groter kuddes of troppe te ondersteun sonder om addisionele grond aan te koop.

In episode 11 gesels Melissa Scheepers en Jo-Anne oor hoekom herlewingslandbou saak maak en gee 'n kort samevatting van die reeks. Jo-Anne sluit die reeks af deur die rol van die verbruiker en die belangrikheid van hulle koopkrag te bespreek.

Die belangrikheid van herlewingslandbou word nie deur alle produsente besef nie maar deur net om ons te kyk, kan die oorbeweiding en swak toestande van natuurlike veld gesien word.

Verbruikers word meer bewus van die noodsaaklikheid van natuur-positiewe boerderypraktyke, wat in die toekoms druk op produsente gaan begin uitoefen.

Kyk gerus na die reeks op YouTube as jy dit op Facebook misgeloop het.



SLYT OOIE HOU BANKBESTUURDER GELUKKIG

deur Pieter Groenewald
(BKB Skaap & Wol, Jacobsdal)

Adriaan Naudé is primêr 'n besproeiingsboer wat met mielies, koring, grondbone en lusern boer. Twintig jaar gelde het hy nie genoeg waterkwota gehad om alle ontwikkelde spilpunte te kon plant nie en gevolglik was daar altyd besproeiingslande wat moes oorlê. Met min besproeiing het hy voergars op een sirkel geplant en dan was daar grondbone en mielie oesreste wat tesame met die gars baie voer gebied het.

Hy het dragtige slyt-ooie begin inkoop wat dan hul laaste lammers hier by hom kon kom lam. Hy het klein kampies met maklik verskuifbare elektriese draad op die lande gespan om die bestuur (toesig!) te vergemaklik en ooie in kleiner groepies laat lam. Dit kan uiters chaoties raak as alle ooie en lammers in een groep bestuur word. Dit help tog nie 'n ooi lam 'n pragtige tweeling, maar weens swak bestuur 'verloor' sy ene nie!

Hoewel wolproduksie nie sy primêre oogmerk is nie, is die addisionele geldelike voordeel van wol nie te versmaai nie. Merino's is die algemeenste en mees verkrygbare dubbeldoel ras. Sy pa en ander mede-boere spot altyd dat Merino's nie goeie moederseienskappe het nie, maar in sy ondervinding kom dit alles terug na die voeding van die dier. As 'n ou ooi 'n tweeling moet grootmaak, en daar word skaars in haar eie voedingsbehoefte voldoen, sal sy vir seker nie tweekeer dink om 'n lam agter te los nie!

Na vele aankope by produsente het Link Merinos se diere die beste gevaar by hom. **Daar is altyd 'n goeie rede waarom 'n ooi oud word by 'n boer: Sy produseer!** En met Link se diere is vrugbaarheid en die persentasie meerlinge uit die boonste rakke. Droë ou ooie word aangekoop en vir een maand aangepas en dan gepaar met Dormer ramme. Die besetting op die ooie is baie goed. In 2024 het hy 270 ooie aangekoop en gepaar. **Die resultaat was 98% besetting met 63% meerlinge.** Al die groepe slyt-ooie wat hy al by Link aangeskaf het, was mooi eenvormig in bou en hul 'geskiedenis' (entings, ouderdom, wol, tande) hoort saam. Geen menslike oog kan natuurlik waarborg dat alle diere sonder probleme verder sal produseer nie, maar die telers van Link sal altyd hul bes doen om – selfs met slyt ooie – die beste kwaliteit dier te verkoop.

Betroubare, kundige, bereidwillige 'on site' arbeid is absoluut noodsaaklik. Toesig, voer, sekuriteit en bestuur kan nie een dag verslap word nie. In sy gemengde boerdery kry alle werkers 'naweekbeurte' en moet almal dus weet wat die skaapvertakking verlang. Ten einde is dit 'n spanpoging en pluk die hele plaas die vrugte van sukses.

Voeding en voervloei-bepanning is in 'n aangeplante weiding (intensiewe) stelsel baie belangrik. Daar is nie 'n natuurlike veld-kamp waar jy die skaap kan laat vreet as jou voer op is nie. Alle voer moet aan die dier gebied word as aangeplante voer of in 'n krip. In sy besproeiings



Adriaan en Lien Naudes van Seduan boerdery by Modderrivier

boerdery wat onder andere lusern produseer, laat dit hom toe om sy beste snitte te verkoop en laer graad lusern self te gebruik op die plaas. Sy raad aan opkomende boere is dat daar in aggeneem moet word dat 'n skaap nie aanhoudend van voer wil verander nie. Oesreste en aangeplante weiding kom nie sonder uitdagings nie. Onthou ook dat deurvloei-proteïen onder druk is met grondboonreste, suurpens op gestroopte mielielande, groen weiding nie genoeg voeding is vir laat dragtige en produserende ooie is nie (die waatlemoen-beginsel – voer water - kry net water, groenvoer het nie genoeg ruvesel nie).

Identifiseer vir jou n teler of groep telers, in samewerking met die Skaap & Wol Adviseur in jou area, wie se diere aanpas is en produseer onder jou toestande. Koop slyt

ooie wat se gestelle nog reg is en die vermoë het om 'n lam te kan grootmaak. Te veel dragtige slyt ooie wat te koop aangebied word is te vër dragtig en pas nie aan nie of hulle is nie in oor 'n kort tyd gepaar wat nodig is vir goeie bestuur op weidings nie.

Bestuurspraktyke wat vir hom van kardinale belang is, is kwaliteit voeding, parasiet- en siektebeheer, en betroubare bestuur wat die belangrikste is. Genoen skaduwee, koel skoon drinkwater, vlieg- en muggiebestryding en rustigheid maak 'n groot verskil! 'n Mens wil tog nie kyk hoe 'tough' die diere is nie, jy wil toestande skep vir beste en maksimum produksie uit hulle!

Uit Adriaan se ondervinding is die gebruik van slyt Merino ooie op marginale lande en oesreste beslis die moeite werd!



HEAT STRESS IN SMALL RUMINANTS

Dr. Joubert Nolte

Divisional Technical Manager: Ruminants

Meadow Feeds

www.meadowfeeds.co.za

The negative impacts of heat stress on performance and health of dairy cows have been well documented. Research for small ruminants is more limited, but the consequences are likely very similar. Large parts of South Africa are utilised by extensive sheep or game farming. These animals are often exposed to extreme environmental conditions, like heat stress, that increase the nutritional requirements for maintenance and may limit production outputs. In this article we will look at what happens to production animals when they experience heat stress and how this could impact production.


What is heat stress?

Heat stress occurs when animals absorb more heat than they can get rid of through increased respiration and sweating, or by air movement over their bodies. Normal body function requires that internal temperature is maintained within a narrow range. When core body temperature moves outside this range, physiological function and metabolism are disrupted, feed intake decreases and production and reproduction will be limited. The severity of heat stress is not only determined by temperature, but humidity, solar radiation and exposure to wind also play a role. The combined impact of these factors determines the ability of the animal to get rid of excess heat in order to regulate body temperature. When heat dissipation takes place at a slower rate than heat generation, body temperature rises and heat stress starts to impact negatively on performance.

Consequences of heat stress

A study on sheep, published in 2022, showed that dry matter intake decreases by approximately 15g/kg body weight for every 1°C increase above the thermo-neutral zone as indicated by the Temperature-Humidity-Index (THI). The THI is a simplified prediction of when the combined effects of temperature and humidity start to restrict animal performance. In conditions of higher humidity animals will experience heat stress at considerably lower temperatures than at lower humidity conditions.

Initially animal scientists were convinced that lower feed intake was responsible for poor production during periods of heat stress. Dairy research performed at Iowa State University investigated this further and showed that lower feed intake only explained approximately 50% of the reduced milk yield in dairy cows under heat stress conditions. Heat-stressed animals also presented with high levels of inflammation as a consequence of poor gut integrity that allowed endotoxins to move across the gut lumen. This triggered an immune response that was proven to be energy intensive and explained the poor performance of these cows over and above the effects of their lower feed intake. This research illustrated that animals in heat stress are actually sick, have inflammation and activate their immune system in an effort to get healthy. In the process, a significant proportion of the



ingested nutrients are utilised to fuel the immune system instead of production.

More research out of Wisconsin showed that the consequences of heat stress are not limited to poorer animal performance in the existing production cycle, as illustrated by lower milk yield, in the subsequent lactation, of cows subjected to heat stress during late-pregnancy (60 days prior to calving). This makes complete sense, as heat stress in late gestation coincides with the time when involution of the mammary gland at the end of the previous lactation, the start of udder development in preparation for the next lactation and the initiation of colostrum production takes place. Interestingly, heifer calves (F1 generation) born to these cows that were exposed to heat stress in the dry period produced less milk in their first lactations.

These heifers were still in-utero when their dams were exposed to heat stress, but their production potential was already permanently restricted. Following the production performance of the F1 generation and their heifer calves (F2 generation) clearly showed that the F2 animals also produced less milk than their peers born to dams from grandmothers that had no heat stress. This provides strong evidence that environmental or management conditions that impact negatively on late-gestating animals could be trans-generational and limit production output for many years to come.

Effects of heat stress on reproduction in ewes

Literature indicates that heat stress affects both the incidence of oestrus, as well as the length of the cycle. The intensity of the heat stress, as well as the length of exposure, play a part in determining the degree to which production will be limited. The length of the oestrus cycle in Merino ewes were reduced from 5 to 8.4 hours when ewes were exposed to heat stress within 3-5 days prior to mating. Heat stress 7 days or longer before mating or when ewes were cooled afterwards, showed less impact. Heat stress within 5 days of the onset of oestrus decreased the incidence of oestrus from 25 – 30%. Under general management conditions of a 35 day mating period, these ewes would have had one oestrus cycle to become pregnant, with a consequential lower conception and lambing rate. Heat-stressed ewes also display lower sperm numbers in the oviducts, reducing their probability to become pregnant. It appears that the negative effects of heat stress are particularly destructive within 5 days before, until 5 days after oestrus.

Early embryonic death is another major threat associated with heat stress. In an Australian study the number of Merino ewes not pregnant after the first oestrus cycle increased by 3.44% for every day during mating that ambient temperature reached ≥ 32 °C. Another study indicated embryo losses from 63 to 71% when ewes were subjected to heat stress from -2 days to 0 days of oestrus. A meta-analysis on the effects of heat stress in ewes on embryo loss indicates that ewes exposed to moderate heat stress conditions are 26.3 times more likely to display embryo mortality than control ewes.

The consequences of thermal stress during mid and late pregnancy on birth weight can be just as damaging, with a negative correlation between the duration and intensity of heat stress and foetal growth. Ewes subjected to severe heat stress (40

Meadow Feeds offers a range of registered and custom diets to improve the performance of your sheep



Feed For

Best income over feed cost | High and efficient growth rates | Optimal pasture and forage utilisation | Year-round performance on veld | Care-free feedlot finishing

meadowfeeds.co.za



[meadowfeedssa](https://www.facebook.com/meadowfeedssa)



[meadowfeedssa](https://www.instagram.com/meadowfeedssa)



[meadowfeeds](https://www.youtube.com/meadowfeeds)



°C for 18 hours per day) showed 45% reduction in late gestation (~130 days) foetal weight and 74% reduction when exposed for 80 days. Birth weight is a primary determining factor of lamb survival, with small lambs more prone to early starvation, hypothermia and early death. Birth weight was reduced by 1.76 kg and 0.75 kg respectively, when pregnant ewes were exposed to >32 °C for 24 or 12 hours per day during mid- and late gestation. In another study lamb survival decreased from 97% to 64% for thermo-neutral vs heat-stressed ewes. Little difference is reported on the effects of hyperthermia to single or twin lambs.

Effects of heat stress on reproduction in rams

The importance of thermo-regulation for optimal spermatogenesis is well described, but is not easy to achieve under extensive conditions. Exposing Merino rams to 45 °C for 3 hours increased rectal temperatures by < 1°C, but testicular temperature increased >4 °C. Higher scrotal temperatures are correlated to reduced sperm production, an increased percentage of morphological abnormal sperm and lower sperm motility. Fertilisation and pregnancy rates decreased when rams were exposed to hot conditions from 10 to 27 days prior to mating as a result of an increase in abnormal spermatozoa.

Although an optimal nutrition and health status are required for rams to produce sufficient volumes of good-quality semen and be active to get their allocated ewes pregnant, heat stress appears to be more limiting to semen production. The semen volume and motility of rams that were restricted to 30% of ad lib feed intake were minimally affected. When rams were exposed to 42 °C at 55% humidity for 6 hours per day for 45 days, both semen volume and motility were markedly reduced. Semen quality of rams subjected to thermal + nutritional stress was not different from those rams that were exposed to heat stress only.

Differences exist between individual rams and also between

different breeds in the rams' ability to thermo-regulate the scrotal environment and maintain normal semen production under hot conditions. In group mating situations it may happen that ewes become pregnant under heat stress conditions from rams that are better able to regulate testicular temperature. In individual mating conditions the consequences of heat stress could be damaging to the affected rams.

Effect of heat stress on growth performance in lambs

It is common knowledge that challenging environmental conditions limit growth performance in lambs. In a recent study from 2023, in which lambs were housed for 50 days at 23 °C or 36 °C, growth rates, feed efficiency and meat quality were compromised for the heat-stressed lambs. During the hot periods of the year management should endeavour to establish an environment that allow diurnal cooling as a minimum.

Mitigating excessive heat load

Cooling with a combination of water and wind (fans) is very effective, but expensive and quite often impractical. Well-designed shade structures have been reported to decrease heat load by up to 50% and improve weight gain, reproductive performance and milk production.

Intense heat spells or subjecting production animals to prolonged periods of mild heat stress can be harmful to animal performance. Quite often such conditions coincide with mating and early pregnancy, which could limit pregnancy rates. When these conditions correspond to mid- or late gestation, it will reduce lamb birth weight and survival rates. Optimum reproductive management requires that animals cool down after periods of increased thermal load. The provision of shade during mating and gestation should be considered.



Wool Testing Bureau SA

Providing the South African industry with impartial certification services

- Greasy Wool Core Testing - Yield | Mean Fibre Diameter | Staple Length and Strength | Colour
- Scoured Wool, Carbonised Wool and Wool Top Testing
- Product Testing - Textile
- Grower Services

Accurate and cost effective comprehensive Fleece Testing services are available to the producer:

- Micron (fibre diameter), performed on Laserscan under temperature and humidity controlled laboratory conditions
- 16% Washing Yield (done on 20g mid-rib samples)
- Length and Crimp (5 staples per sample)
- ATLAS: Automatic Length and Strength measurements (10 staples per sample)

Wool Testing Bureau S.A.
 Head Office: Cnr University Way & Gomery Avenue, Summerstrand, South Africa
 P.O. Box 1867, Port Elizabeth, 6000, South Africa
 Telephone: +27 41 503 6600 | Facsimile: +27 41 583 2195
 E-Mail: wtb@wtbsa.co.za | Website: www.wtbsa.co.za

Baviaanskrans

Merino's



AANBOD: 40 Merino Ramme
50 Merino Ooie (2T)
200 Merino Ooie (Volbek)

Plaas - Baviaanskrans, Cookhouse GPS: 32 46'12.7"S 25 53'45.8"E



NAVRAE: ERICK KLOPPER 072 609 2211
JACQUES LOUBSER 082 446 0780
VINCENT PIKE (AFSLAER BKB) 072 780 0057



BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA

VOLG ONS OP:  FACEBOOK  INSTAGRAM  LINKEDIN  YOUTUBE

AFSLAERS: POSBUS 304, CRADOCK, 5880 TEL: 048 881 3090 FAKS: 048 881 2605 E-POS: BEMARK.CRADOCK@BKB.CO.ZA REG. NO. 1998/012435/06

BKB
LEWENDEHAWE &
AFSLAERSDIENSTE

TRADISIE EN KRAGTIGE INNOVASIE SORG VIR 'N BLINK TOEKOMS

Deur Carin Venter

Spekboomberg-boerdery, 'n eeu-oue familieplaas in die Cradock-distrik, is 'n simbool van tradisie en innoovering. Die plaas behoort aan die Jordaan-familie, wat een van die grootste genepoele vir Merino-stoeterie in die land bestuur.

Gedurende *Veeplaas* se besoek aan die plaas, was dit duidelik dat die drie Jordaan-broers, Andrew (jr), Ginkel en Wilhelm se visie vir die toekoms glashelder is: Om voort te bou op die verfyning van hul kudde se genetica, die verbetering van dieregesondheid en voeding, en om deur middel van nuwe tegnologieë innooverend te bly.

"Hierdie benadering sal nie net verseker dat ons aan die voerpunt van die skaapbedryf bly nie, maar ook om kommersiële produsente in Suid-Afrika met die bes-moontlike genetica te



Spekboomberg-boerdery kan as 'n pionier in tradisionele skaapboerderypraktyke en die toepas van tegnologieë soos genomika en kunsmatige inseminasie beskou word. In die foto is Andrew (jr) en Andrew (sr).

ondersteun om hul kuddes te laat floreer," sê Jordaan (jr), ook voorsitter van Merino SA se tegniese komitee. "Ek glo ons is in die beste era nog waar baie vinnige vordering op die gebied van tegnologie en dataverwerking gemaak word."

Tradisie as ruggraat

As tradisie die fondasie van Spekboomberg is, dan is innovasie die sleutel tot hul volhoubare toekoms. Die Jordaan se Merino-teelbeleid het die afgelope twee dekades, te danke aan die ontwikkeling van nuwe tegnologie en 'n meer gesofistikeerde benadering tot selektiewe teling, drasties verander.

"Een van die aanpassings wat ons gemaak het om vinniger genetiese vordering te maak, is om van die swak diere ontslae raak," sê Jordaan (jr). "Die probleem is dat dit baie lank neem om hierdie doelwitte te bereik. Daarom het ons begin om moderne tegnologieë soos genomiese toetsing en kunsmatige inseminasie (KI) in te span. Dit bied enorme voordele om kuddes vinniger en meer akkuraat te verbeter."

Die Merinovertakking, wat die kern van hul boerdery is, is optimaal ontwikkel en spesifiek vir die uitdagende omstandighede in die Oos-Kaap aangepas. "Die seleksieproses van ons ramme is allesomvattend en elke ram se genetiese potensiaal word noukeurig geëvalueer. Ons produseer hoëgehalte ramme ná verskeie dekades se streng selektiewe teling en 'n beproefde metode van ramkeuring.

"Die produk hiervan is 'n stabiele kuddebasis met uitstekende volgehalte, liggaamsbou en hoë vrugbaarheid. Hierdie tradisionele praktyke is van onskatbare waarde vir ons boerdery, want dit verseker dat ons slegs die beste ramme aan kommersiële produsente verkoop."

Nuwe horisonne

Jordaan (jr) sê genomiese toetsing help produsente om meer ingeligte besluite te neem oor watter ramme die beste genetiese voordele bied en, waar tradisionele teling jare kan neem om resultate te lewer, is dit moontlik om hierdie resultate vroeër te sien en vinniger vordering te maak met kuddeverbetering.



Andrew Jordaan en seuns se boerdery is 'n goeie voorbeeld van die suksesvolle integrasie van tradisionele skaapboerderypraktyke, met moderne innovasie wat volhoubare groei en sukses verseker.



Die ooi-kudde ondergaan laparoskopiese inseminasie, met 1% van die topamme se semen wat op die hele kudde gebruik word. Kunsmatige inseminasie is een van die metodes wat die Jordaans toepas om meer bekostigbare diere aan kommersiële produsente beskikbaar te stel.

“Hierdie tipe tegnologie stel skaapprodusente in staat om die genetiese potensiaal van hul diere met ongekende akkuraatheid te bepaal. Ons voorsien dat Spekboomberg-boerdery se gebruik van genomika die akkurate seleksie van diere vir spesifieke eienskappe sal versnel en ’n merkbare verbetering in die algehele gehalte van ons kudde tot gevolg sal hê. Dit bied potensieel opwindende moontlikhede vir die toekoms, soos om ons diere vroeër te selekteer vir spesifieke eienskappe soos wolgehalte, liggaams groei en vrugbaarheid.”

Kommersiële produsente

Een van Spekboomberg-boerdery se belangrikste doelwitte is om kommersiële produsente te help om hul kuddes te verbeter deur toegang tot goeie beskikbare genetiese te bied. “Ons doel is eenvoudig. Dit is om genetiese van die hoogste gehalte beskikbaar te stel aan produsente wat hul eie besighede volhoubaar en suksesvol wil bedryf.

“Ons fasiliteer dit deur ons betrokkenheid by nasionale veilings en ’n gesofistikeerde KI-program. Laasgenoemde kan beskou word as ’n versneller van genetiese vooruitgang om ons skaapkuddes se genetiese vinniger en oor ’n wyer geografiese gebied te versprei. Dit is veral voordelig vir kommersiële boere wat toegang tot die beste beskikbare genetiese kan kry sonder om hul ramme fisies van plek tot plek te vervoer.

“KI stel ons boerdery in staat om ons topamme te selekteer en hul saad vinnig en doeltreffend na ander produsente regoor die land te versprei. Dit beteken dat kommersiële produsente toegang kry tot diere wat andersins onbekostigbaar duur sou wees, terwyl hulle van die genetiese gehalte van hul kuddes verseker is.

“Kommersiële produsente kan nou uit ’n reeks elite-ramme kies wat nie net geneties divers is nie, maar ook spesifiek vir die uitdagings in hul plaaslike omgewing geteel is. Hierdie vennootskap tussen Spekboomberg en

kommersiële produsente versterk nie net ons reputasie as leiers in skaapboerdery nie, maar help ook om die standaard van die bedryf as geheel te verbeter.”

Voeding en parasietbeheer

Andrew (jr) en sy broers staan daarby dat goeie dieregesondheid en voeding die ruggraat van enige suksesvolle skaapboerdery moet wees. “Die gesondheid van ’n kudde bepaal immers jou boerdery se winsgewendheid. Spekboomberg volg ’n holistiese benadering tot dieregesondheid en -voeding. Ons benut verskeie weidingspesies om die voeding van ons kuddes te optimaliseer. Hierdie weidingkombinasie bestaan uit verskeie grasse en peulgewasse wat nie net die diere gesond hou nie, maar ook die grond verbeter.

“Verder gebruik ons moderne parasietbeheerprogramme wat chemiese middels met natuurlike weidingsrotasie kombineer om weerstandigheid by parasiete te voorkom. Behalwe dat dit help om die kudde gesond te hou, verhoog dit hul produktiwiteit en is daar ’n laer voorkoms van siektes.”

Jordaan (jr) sê skaapboerdery, veral in Suid-Afrika, staan op die randjie van ’n opwindende nuwe era. “In ons boerdery is ’n kombinasie van tradisie en innovasie die sleutel tot sukses. Genomika en KI bied ongekende geleenthede om die genetiese basis van kuddes vinniger en meer doeltreffend te verbeter. Terselfdertyd bly die beproefde praktyke van selektiewe teling en dieregesondheid van absolute belang om ’n toekoms te skep waar skaapboerdery nie net volhoubaar is nie, maar ook innoverend en winsgewend.”

Lees in *Veeplaas* se Januarie-uitgawe oor DSS-toetsing op Spekboomberg en ’n embriospoeling-proef saam met BKB met die oog op vinniger genetiese vooruitgang. Vir meer inligting, kontak Andrew Jordaan by 082 855 5604 of besoek www.andrewjordaanenseuns.com.

Artikel met vergunning van



WHAT DO COMMERCIAL FARMERS EXPECT FROM STUD BREEDERS?

Written by Geoff Kingwill.

Firstly, I think we need to acknowledge that commercial farmers are not uniform in their approach to management and in their goals and priorities when buying sires. This is then my perspective what I think the young commercial farmer is looking for when buying sires. When referring to young farmers this is not limited to age, but includes all ages that are looking at ways of improving their farming business. My insights here are informed by the rapid uptake of BKB's DSS program by commercial farmers. It is truly remarkable how this has taken off and the enthusiasm that it has created.

Quite simply, the commercial farmer is looking for sires that will improve the profitability of his wool farming business. The commercial farmer is looking for more rand value per shearing and more and heavier lambs marketed per year. With a commercial farmer, one of the major constraints in a finite farm size and the amount of food that farm can produce. As a result, it is not production per individual animal, but rather production per hectare that is important to the small stock farmer. On top of this the farmer is looking for easy care animals, as this enables him or her to be able to allocate time to other essential tasks. When choosing a sire, the commercial farmer also wants to be confident that the sire will adapt well to their environment and management practices and will breed animals that are suited to this environment and management.

In order to achieve these objectives it is vital to the commercial farmer that they can accurately assess the sire's breeding potential before deciding to purchase the animal, because without this, the selection of a sire becomes more of a hit and miss process. This requires the commercial farmer to have confidence in the integrity of the breeder so that they can believe what they see on the sale and that the accompanying records are as true a reflection of the sire's breeding potential as is possible.

Let us however also acknowledge that at a sale, in practice the emphasis on the most economic animal tends to shift simply to the biggest ram on offer. On top of this the ram must be very good looking with exceptional conformation and wool. Of course, the ram should be free of culling faults but we assume that the inspection process takes care of this. Small veld raised rams simply don't catch the eye when offered on the same sale as animals that have been very well fed even if they might offer similar genetic potential to the buyer. Many of us have observed this when veld rams were offered on the same day as the National Sale rams in the past. Appearance is important but so is economics. Our bank managers are only interested in the economics of our flock and not what they look like.

As far as size goes, an animal that is 10% heavier needs to be at least 10% more productive to give the same return per Hectare.

If that larger animal does not deliver extra production in relation to its size it is not better than the average size ram with high production potential. A high quality fleece is a thing of beauty but commercial farmers ask the question, what is more important? Perfect wool quality or the total value of the fleece in a market that pays no real premium between good quality wool and excellent quality wool?



Selecting a sire on appearance alone, unfortunately does not let us assess the contribution the ram will make to the farm in the area of reproduction, which is most probably the area that has the biggest influence on the economics of a commercial farm. The best way to assess whether a sire results in more and heavier lambs is for the breeder to measure this and be able to communicate it to the buyer.

In the past small stock farmers have addressed this problem of selecting for hidden traits like reproduction by buying from a breeder or breeders in whose selection process they have confidence.

This will go along with that breeder having similar management practices to the commercial farmer and the right "type" of animal. This approach unfortunately does not address the huge variation that we are aware occurs within a flock. The farmer ends up buying from a breeder he believes in, but without data is he getting the right animal from the available selection?

Commercial farmers remember the mistakes made in the past, where animals were managed artificially, that then resulted in animals that were ill adapted to the natural environment that the commercial farmer operates in. Animals were selected for too much wool for example and the trait that suffered the most was reproduction. Commercial farmers recognised the problem as they suffered economically and in seeking out economically superior and adapted animals they started supporting initiatives of breeders that also recognised the problem. These breeders used performance measurement to counter management smoke and mirrors that had led to the ill adapted animals.

These initiatives included Veld Ram Clubs and Group Breeding Schemes where the emphasis was on measurement and raising the animals in a manner similar to the management practices of the commercial farmer. Although both Veld Ram Clubs and Group Breeding schemes have largely ceased this is not because they were not meeting the need. It is just that their solution did not remain unique and production sales emerged where breeders started duplicating the practices that these initiatives pioneered.

It is essential that breeders recognise that commercial farmers do not want overfed animals with overgrown wool, which can obscure genetic assessments, leaving management as the main visible factor.

I perceive more and more the modern commercial farmer is not totally forgetting their economic goals when attending sales. They are attempting to ascertain what the economic potential of a sire is and are not just looking at appearance. The tools available to them for selecting a sire today are:

- Subjective assessment
- Performance
- Testing
- BLUP
- Genomics

Commercial farmers require that these tools must be used together with "real" management where the sires are raised in manner that is not divorced from the management practiced by commercial farmers.

Subjective assessment remains very important. It assesses aspects of the animal that can't be measured objectively through performance measurement. It also addresses the requirement

DRIVE EARNINGS



At BKB there are many hands contributing to the work that is done and reputation that is earned. These hands work together every day, focusing on your prosperity.

WWW.BKB.CO.ZA

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou



To scan, download
a free QR Code app

#SustainabilitySynergised
PEOPLE | PLANET | PROFIT

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

#IntegrityIntegrated

that the animal is free of culling faults. Subjective assessment was also used very successfully for centuries to make progress prior to objective measurement being used. The difference between it and objective measurement on traits that can be measured, like fiber diameter, is that objective measurement can pick up small differences more accurately. As in everything in life, it is continually making small improvements to lots of things that allows you to truly get ahead of your competitors and this requires identifying these opportunities for small improvements accurately. As Merino farmers our competition is other fibers and other meat. If we just compare ourselves with natural fiber and natural meat we can point to cotton and chicken as competitors. Both these products have embraced science and have made huge productivity improvements through either selection or genetic engineering, with the result that we have become relatively less competitive when compared to them. We need to ensure we select for productivity gains as effectively as possible.

I would describe BLUP broadly as performance measurement with reproduction traits added. This is obviously a simplification because BLUP relies on the performance of related animals, not just the specific sire's performance measurement in accessing the breeding potential in all traits, not just reproduction. It is this very attribute of considering the performance of related animals that enables the system to give reproduction breeding predictions before the animal in question has any progeny that can be measured. This hugely enhances the commercial farmer's ability to choose the sire that will have the greatest economic impact.

Factoring the performance of related animals also improves the prediction of how the sire will breed on other traits. The practical implication is that sometimes the breeding value on a specific trait differs from what is observed on the animal in question due to the performance of these related animals. We know that animals breed back to the average of their bloodline, so breeders need to believe in the system to really make use of this tool. It is no difference to when micron testing was first introduced and when a test came back that differed from the subjective assessment people quickly claimed the test was incorrect. Both commercial farmers and breeders have moved past this and believe the science on micron testing and are increasingly doing the same with breeding values.

For a breeder to move from performance measurement to BLUP often only takes mothering up the lambs as most breeders already do single sire mating and hence the sire of the lamb is known.

The value of these reproduction breeding values cannot be over emphasized due the important role played by reproduction economically.

Subjective and objective assessment are both essential, so it is not about which tools to use, but rather using all the tools available effectively. It is all about balance.

The new tool in the toolbox is Genomics. Genomics is currently a lot more expensive than using the other tools, so I think the secret lies in using subjective assessment and BLUP in balance to make the first selections. All possible stud sires should then be genomically tested. The genomic test gives many additional advantages of which the following are the most important:

- Considerably more accurate in predicting reproduction traits
- Identifies potential harmful single gene traits
- Identifies the PP genes of true polled rams
- Identifying potential parentage conflicts.

A ram's true reproductive performance can only be measured when his daughter's lamb, which is much later in life, is also measured. This means that the predicted breeding potential of a

young ram on reproductive traits is estimated from his mother and father and other relatives that have progeny. The true performance is however dependent on how much was inherited from each parent. Genomics can help identify what was inherited from each parent and then far more accurately predict the ram's reproductive genetic potential. If for whatever reason parentage was not correctly recorded and this is picked up this will also improve the accuracy of predicting breeding potential. With influential sires, this can be vitally important to a breeder in order to deliver to a commercial farmer sires that are going to make the greatest contribution economically.

